

# Afdeling 2: Stryd om bestaan en voortbestaan

## Hoofstuk 2.1

### ‘n PLEK IN DIE SON: ORDENING EN KONSOLIDASIE



“Vir myself is ek oortuig dat nie alleen die P.U.K. nie maar ook ons hele Calvinistiese stryd belemmer word deurdat ons organisasie en administrasie nie is wat dit behoort te wees nie. Om van propagandamakery nie eens te praat nie. Ek het dikwels beweer, dat, aangesien ons dit nie kan bekostig om spesiaal vir hierdie doeleindes ‘n persoon aan te stel en te salarieer nie, ons een van ons staflede daarvoor moet gebruik. So ‘n staflid sal dit alleen kan doen as hy gedeeltelik vrygestel word van die kolleges, waarmee ons almal oorlaai is ... So ‘n persoon moet ook nie altyd op reis wees nie, want dit kos te veel geld. Hy moet hoofsaaklik met korrespondensie werk. Alleen as daar een of ander gunstige geleentheid hom voordeoed moet hy uitspring.”

- JC van Rooy, oor die registratorskap, 8.6.1927




### 2.1.1 Nuwe status, nuwe eise

Na afloop van die konstituerende en beslaggewende eerste vergadering van die Raad van "Het Potchefstroom Universiteitskollege", is die inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika op 7 September 1921 tydens 'n feestelike geselligheid in die Potchefstroomse stadsaal gevier, waartydens – volgens die studenteblad – 'n wakker gees onder die PU-Kaners geheers het.<sup>1</sup> Vir die feesvieringe het die Raad 'n bedrag van £15 en die stadsraad £30 aan die Senaat beskikbaar gestel. Die middag het prof Duvenage saam met raadslede Nel en Meyer as gashere vir die minister van Onderwys, Patrick Duncan, opgetree terwyl personeel by die deftige aandfunksie in hul togas moes paradeer; elk kon vyf gaste meeneem.<sup>2</sup>

Dit was maar 'n taamlike alleenfees; geen sprake van talle hoogwaardighedsbekleërs, afgevaardigdes of verteenwoordigers van ander universiteite of kolleges, kerkgenootskappe of wat dies meer sy nie. Selfs die studente voel dit aan en vind dit ietwat ironies dat geen gelukwense van die studentemondstukke van TUK en GUK ontvang is nie – terwyl laasgenoemde wel die nuwe selfstandige universiteit te Johannesburg welkom geheet het. Nee, vreemder nog: daar is darem wel van genoemde instansies ruilnommers ontvang, maar nie van Stellenbosch, Kaapstad en die ander wat dit normaalweg stuur nie. Hulle het óf vergeet "of dit nie die moeite werd geag om ons met hulle blaai te vereer nie". Van sy kant wens die PUK studenteblad die GUK, "waar ons Afrikaanse kultuur met alle krag aangemoedig en gekweek word", en die TUK, wat 'n eerlike poging aanwend "om ons Afrikaanse ideale te verwesenlik", van harte geluk met hulle optrede en houdings.<sup>3</sup>

Die verhoogde status en die nuwe bedeling wat die Potchefstroomse Universiteitskollege in 1921 met inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika betree het, sou vanuit die staanspoor hoë eise stel. Regverdiging vir opname in die breër, amptelik erkende akademiese gemeenskap sou onvermydelik saamgaan met en afhanklik wees van die fisiese opset waarbinne opleiding geskied – terwyl dit op sy beurt weer direk gekoppel sou wees aan die beskikbaarheid en omvang van finansiële hulpbronne. En dit was juis op hierdie terreine – geboue en apparaat, hulpmiddels enersyds en finansies andersyds – waar die PUK dit in sy wordingsjare maar bra karig daaraan toe was; sodanig só, dat dit ontkoppeling van die Teologiese Skool as moederliggaam genoodsaak het.

Aan die PUK se stryd om te bestaan en voort te bestaan sou 'n verdere dimensie gegee word deur die volgehoue strewe om uit die greep van die inperkende gewetensklousule te kom, om wat deur Ferdinand Postma bestempel is as die "verminkte vaandel" in



#### 2.1.1

*Minister van onderwys Patrick Duncan, het die "feesvieringe" met inkorporasie bygewoon.*

ere te herstel. Vooras nog sou die Christelike karakter van die Kollege "informeel" gehandhaaf moes word. Beskuldigings van eng-Gereformeerd te wees sou ook 'n effek hé in die proses waardeur vir die PUK 'n plek in die akademiese gemeenskap van Suid-Afrika oopgeworstel moes word.

Om te bestaan, en voort te bestaan – hiéroor sou dit gaan, in die jare onmiddellik na inkorporasie. Dit sou 'n kwessie wees van meet en pas, van onderhandelinge en beplanning, van die aanknoop en handhawing van goeie verhoudinge ...

### 2.1.2 Bestuur: Raad, rektor en registrateur

Met inkorporasie is die bestuur en uitvoerende magten opsigte van die PUK per wetgewing in **die Raad van die PUK** vasgelê<sup>4</sup> en het die Raad ook 'n vaste struktuur verkry, wat tot en met selfstandigwording in 1951 behou sou bly. Naas die Raad souveral die poste van rektor en registrateur van wesenlike belang wees vir die doeltreffende administratiewe bestuur van die inrigting.

Die eerste Raad onder die nuwe bedeling het bestaan uit die volgende persone, wat die onderskeie belanggroeppe verteenwoordig het:

- **Vier lede, deur die minister van Onderwys benoem:** prokureurs JP Nel en I Meyer, mnr BD Pienaar en dr M Heyns.
- **Drie lede deur donateurs en oudstudente**



**aangewys:** ds S Vermooten en mnre P Stoker en P Lion Cachet.

- **Drie lede benoem deur gevoldmagtigdes van die oorspronklike oprigters van die Kollege:** di NH van der Walt, HJR du Plessis en DN Kotzé.
- **Twee persone deur die trustees van die Gereformeerde Kerk benoem:** ds JV Coetzee en mnre PL Yssel.


Mnre Nel, Meyer, Stoker, Lion Cachet en Yssel en di NH van der Walt en DN Kotzé was ook lede van die voorafgaande Raad, onder die PUK vir KHO-bedeling.

Tydens die eerste samekoms van die nuwe Raad, op 7 September 1921, het uittredende voorstuur en nou dosent aan die Teologiese Skool, professor JA du Plessis, die nuwe Raad seën op sy taak toegewys. Ook teenwoordig by hierdie historiese geleenthed was professore Postma, Duvenage, Kamp en Van Rooy en lektore Du Plessis, Eiselen, Schulze en Van der Walt. Verlof tot afwesigheid is toegestaan aan die here Nel, Cachet, Stoker en Yssel.<sup>5</sup>

'n Letwat vreemde verskynsel het hom by die samestelling van die Raad voorgedoen, deurdat ds NH van der Walt as "president" en mnre BD Pienaar as "visepresident" aangewys is. Die woord "voorsitter" is in die notule deurgehaal.<sup>6</sup> Hierdie benamings is natuurlik heeltemal in lyn met die pas aanvaarde Private Wet waarvolgens die PUK geïnkorporeer is, en wat verder voorsiening maak dat 'n voorsitter aangewys kan word indien genoemde twee funksionaris om een of ander rede nie hul taak kon verrig nie.<sup>7</sup> Maar "president" en "vise-president" was tog ook vreemd aan die geykte vergaderingsprosedures en is sommer van die eerste volgende geleenthede verruil vir dié van voorsitter en visevoorsitter, net om in 1925 en 1926 tydens verkiesingsvergaderings die letwat vreemde benamings te herhaal<sup>8</sup> en dan maar weer terug te val op die geykte ampsbenaminge. Wat die motivering vir die opneem van hierdie benamings in die Private Wet was, kon nie vasgestel word nie – dit mag moontlik verband gehou het met die republikeinse strewe wat na afloop van die Eerste Wêreldoorlog so sterk onder Nasionalgesindes posgevat het.

## 2.1.2

*Ds NH van der Walt is as eerste "president" van die Raad van die PUK aangewys. 'n Letwat vreemde benaming ...*



Die regeringsverteenwoordigers op die Raad het vinnig verwissel. Weens 'n oorsese reis is dr Heyns in Julie 1924 deur mnre CL Olen vervang. Laasgenoemde het egter in November dieselfde jaar saam met mnre Meyer uit protes teen sekere aanstellings deur die Raad sy bedanking ingedien. Die twee vaktures vir regeringsverteenwoordigers is vanaf die begin van 1925 gevul met die aanstelling van mnre LDC Bosman en CE de Beer. In 1927 dien mnre Pienaar sy bedanking in en word opgevolg deur mnre AJ Nel. In September-Oktober 1928 sterf eers mnre De Beer en toe mnre AJ Nel, en hulle word vervang met magistraat IG Horak en mnre AJ (At) Alberts. Met die verhuis van mnre Horak in Junie 1929 is magistraat AJR Wilmot in sy plek aangestel.


Wat die verteenwoordigers van die donateurs en oudstudente betref, is mnre Lion Cachet in 1923 deur ds ID Kruger vervang terwyl ds Vermooten, wat deel was van die "rebellie" in die Raad in November 1924, deur ds D Rumpff vervang is. Ten opsigte van die ander kategorieë van verteenwoordiging het daar in die twintigerjare geen verwisseling gekom nie.

Van meet af aan het die Raad van vaste komitees gebruik gemaak om sy werkzaamhede te laat vlot. Vir hierdie doel is gebruik gemaak van (a) 'n **komitee vir Finansies ("Finansieë")**, 'n **komitee vir Geboue en Losieshuise** en (c) 'n **komitee vir Inwendige Bestuur**. Dr M Heyns is aangewys as die raad se verteenwoordiger op die Senaat van die PUK terwyl ds S Vermooten dieselfde funksie ten opsigte van die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika sou vervul.<sup>9</sup>

'n Redelik lang agenda tydens hierdie eerste sitting het ingesluit verskeie sake rakende onderrig en opleiding, geboue, losieshuise, die behoeftes aan 'n "organisator" en die stuur van 'n deputasie na die minister van Onderwys om oor finansiële sake te gaan beraadslaag.

Die **rektorskaps** van die inkorporerende universiteitskollege is aan professor Ferdinand Postma aangebied, vir 'n termyn van drie jaar.<sup>10</sup> Die benoeming was vanselfsprekend, eenparig – soos dit trouens die geval sou wees vir die volgende twee dekades. Tot met sy dood, in November 1950, sou Postma die rektorstoga van hierdie inrigting vir hoër onderwys met die grootste onderskeidings en waardigheid dra. Saam met die twee voorafgaande jare as rektor van die PUK vir KHO sou dit aan hom 'n rektorale dienstermy van byna 31 jaar aaneenlopend gee. Om nie te vergeet nie dat Postma ook nog in 1917 as rektor van die Teologiese Skool opgetree het – die eerste literariese professor om hierdie waardige stoel te kon beklee.

Maar so byna-byna was die PUK sy knap stuurman kwyt, pas nadat die nuwe bedeling betree is.



### 2.1.3

*Prof Ferdinand Postma is in 1921 gekontinueer in die pos van rektor, maar was voor 'n moeilike beslissing...*

Vroeg in Oktober 1921<sup>11</sup> kom daar vanuit Pretoria 'n roepstem tot Ferdinand Postma: "Kom over en help ons!" In die Gereformeerde gemeente van Pretoria was die nood hoog en is reeds drie beroepe tevergeefs uitgeoefen.

Vir Postma, 'n ten volle gekwalifiseerde predikant wat met preekverlof dikwels op kansels verskyn het maar wat tog, indien hy die beroep sou aanneem, 'n voorbereidende eksamen by die kuratore sou moes aflê,<sup>12</sup> was hierdie beroep 'n volkome verrassing, het dit hom heeltemal onkant gevang. In studentegeledere was daar dadelik reaksie toe hulle hiervan verneem. In 'n brief aan hom wys hulle daarop dat hy in die verlede deur woord en daad getoon het "dat die wyding van u kragte in die opbou van 'n kollege vir K.H.O. die liefde van u hart het, en vir u 'n skone lewenstaak is". Daarom word 'n beroep op hom gedoen "om, in belang van ons kollege hier, in belang van sy bloei en welvaart, in belang van die skone werk begonne deur ons vaders, en al die jare deur stryd in stand gehou, waarin u ook u aandeel gehad het, die werk nie in sy begin te laat nie, en die beroeping na Pretoria af te slaan".<sup>13</sup>

Soos kort tevore met die VU-aanbod, het vader Marthinus Postma ook nou weer die erns van die saak saam met sy seun deurleef. Hy was veral bang dat Ferdinand, in samesprekinge met die professore en ds De Klerk, grootliks net die belang van die Teologiese Skool in oorweging sou neem en het dit sy plig geag

om die ander kant van die saak deeglik by hom huis te bring. Hierdie keer was die uiteindelike vaderlike advies meer pertinent en op die man af, naamlik dat die beroep aanvaar behoort te word. Die onverwagte wyse waarop die beroep na hom gekom het, die feit dat hy skynbaar by sowel die Hollandssprekende as Afrikaanssprekende deel van die gemeenskap aanklank gevind het en ook dat hy die oorweldigende gunsteling was teen kandidate soos sy broer Dirk en ds HJR du Plessis, was sterk rigtingwysers, sê vader Marthinus.

Tot sy krediet moet bygesê word dat Marthinus die saak ook van die ander kant baie nugter beskou en die erns van sy seun se voortgesette betrokkenheid by die inrigtinge in Potchefstroom terdeë ingesien het. Toe Ferdinand uiteindelik anders besluit het as wat sy pa wou hê, was Marthinus baie teleurgesteld maar hy het berus.<sup>14</sup>

Die beslissing was nie maklik nie, maar hy is oortuig dat dit God se wil is. "Hier moet ek bly; dit is my duidelik geword", stel hy dit aan sy pa.<sup>15</sup> Aan die kerkrAAD van Pretoria-gemeente het hy laat weet: Hoeser hy in sy oorweging van die beroep onder die besef was van die belangrike plek wat die gemeente Pretoria beklee, en van die feit dat die gemeente al so lank vakant was, "toch kon 't my niet duidelik worden dat ik my werkkring hier in verband met die onderwys, zowel aan de Theol. School van onze Kerk als aan het Kollege vaarwel moet zeggen".<sup>16</sup>

Weer het Ferdinand Postma besef dat hy 'n roeping het jeens die twee inrigtings waaraan sy voorgangers so hard en onbaatsugtig gebou het. En het hy getoon dat hy nie terugdeins van groot uitdagings, probleme of harde werk nie. Inderdaad, harde werk: want bo en behalwe sy rektorskap sou Postma steeds as dosent en departementshoof in die Klassieke funksioneer. Hiervoor het hy 'n ekstra toelaag van £100 bo die maksimum van 'n professoraat (£900) ontvang.<sup>17</sup>

Die **registrateurskap** van die PUK was net so vanselfsprekend as die amp van rektor. Trouens, waar Postma nog formeel deur die nuwe Raad as 't ware in sy amp gekontinueer is, het ds WJ de Klerk outomaties en sonder herbevestiging voortgegaan om die amp van registrateur te beklee. Inderdaad het hy by die samestelling van die nuwe Raad tydelik die voorsitterstoel ingeneem en die verrigtinge geleli. By hierdie geleentheid is daar bloot net 'n reglement betreffende die funksies van die registrateur vasgestel.<sup>18</sup>

Die gevestigde opvatting is dat ds De Klerk vanaf 1922 voltydse registrateur van die PUK was, wat dus sou ingehou het dat hy sy predikantskap moes prysgee. Dit word so voorgestel deur JS du Plessis,<sup>19</sup> terwyl ook J Chr Coetzee beweer dat De Klerk reeds in 1922 die



registrateurskap met emeritaat as predikant gekies het.  
<sup>20</sup> Maar dit was nie só maklik nie.

Soos Postma, maar ietwat op 'n ander niveau, is ook registrateur ds WJ de Klerk kort na inkorporasie voor 'n keuse gestel en wel deur sy Potchefstroomse kerkraad: óf die registrateurskap, óf sy amp as predikant. De Klerk het eersgenoemde gekies, waarvoor hy 'n salaris van £750 sou ontvang.<sup>21</sup> Hy en sy kerkraad het skynbaar later tot 'n vergelyk gekom sodat hy steeds sy ampswerk by die P.U.K. kon verrig, teen sy ou salaris (£400). Boonop sou hy dan dááruit 'n deel afstaan sodat die dienste van 'n klerk bekom kon word. Hierdie opoffering het hy gedoen "met die oog op die finansieë van die Raad",<sup>22</sup> wat natuurlik op hierdie tydstip maar beroerd was.

Net soos sy deelname aan die 1915-verkiesing, sou ook hierdie dualiteit betreffende ds De Klerk se werkzaamhede nie by almal in sy kerkverband byval vind nie. Daar is gevoel "dat die aanneming van die Registrateurskap van die P.U.K. ... 'n oorgang is tot 'n ander staat des levens" en dat die kerkraad se besluit, wat deur die Transvaalse Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk goedgekeur is, dus nie bevoeg was nie. Daardie Gereformeerde stormvoëlpredikant van Krugersdorp, ds LP Vorster, wat self kort tevore vanweë sy aktiewe deelname aan die politiek voor die keuse gestaan het om tot hierdie "andere staat des levens" oor te gaan, het selfs appèl teen die besluit van die Algemene Vergadering aangeteken.<sup>23</sup>



#### 2.1.4

*Ook registratuer WJ de Klerk moet 'n keuse maak...*

Die saak het taamlik opslae gemaak tydens die 1924-sinode en 'n meerderheids- en 'n minderheidsrapport tot gevolg gehad. Eersgenoemde wou dat streng by die Kerkorde gehou word en dat hy sy status as predikant moes prysgee, terwyl die minderheidsrapport meer tegemoetkomend was en hom wou toelaat om in dubbele hoedanigheid op te tree tot tyd en wyl die registrateurskap verwissel kan word "sonder die P.U.K. onnodig in gevaar te bring". Ds Vorster het sy appèl laat vaar toe die saak as suiwer 'n kerkraadsaangeleentheid uitgewys is.<sup>24</sup>

Ds JV Coetsee, in 'n bydrae oor die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom, stel die saak in die regte lig as hy skryf dat De Klerk binne sy gemeente "feitlik verskoon is van alle herderlike arbeid hoewel hy nog sekere preekbeurte waargeneem het", net om dit later te herhaal en nog duideliker te stel: "... tussen die jare 1923 en 1927 is die gemeente bedien deur die twee predikante – want ds De Klerk, hoewel op verlof, het gedurende hierdie tyd nog gereeld opgetree ... volgens reëling wat deur die kerkraad daarvoor gemaak is."<sup>25</sup>

Middel 1927 het De Klerk 'n beroep na Johannesburg aanvaar, in die plek van wyle ds Marthinus Postma. Hy het op 30 Junie uitgetree maar tydelik hulp verleen tot 30 September.<sup>26</sup>

Uit die pen van kollega Ferdinand Postma, met wie baie lief en leed tydens die worsteljare van die P.U.K. deurleef is, kom daar hoë hulde aan De Klerk: "Die jare van 1919 tot 1921 was inderdaad worsteljare ... en, soos by alle inrigtings, konsentreer die grootste deel van die worstelinge hulle in die kantoor. Daar het ds De Klerk gesit, net alleen, met geen tikster of ander hulp nie ... Hy het reusewerk verrig, was altyd getrou op sy pos ... Van sy optrede vir die P.U.K. het in die moeilike jare kort voor, tydens en na die inkorporasie groot inspirasie uitgegaan ... Hy was die grondleer van die finansiële bouwerk van die P.U.K. .... In die Volksraad, in regeringskringe, in die Gereformeerde gemeentes, op groter kerklike vergaderings van die Geref. Kerk was ds W.J. de Klerk die vurige pleitbesorger ..."<sup>27</sup>

Dat die registrateurspos by tye ook maar 'n warm stoel was om op te sit, blyk uit die feit dat 'n formele klag kort voor sy uittrede deur die jeugdige en briljante akademikus, dr HG Stoker, in die Senaat teen hom ingebring is en wel oor sy hantering van beursaansoeke.<sup>28</sup> 'n Jaar of wat tevore het hy sterk deurgeloop onder die krasse pen van 'n medewerker van die studenteblad *Veritas Vincet*.

In 'n terugblik oor die jaar 1925 het 'n sekere "TW" ook leemtes uitgewys, onder andere die volgende: "Gedurig kla die registrateur dat hy hom doodwerk. Oordek met folios, afdrukke van indrukke,



## 2.1.5

*Tjaart van der Walt ...  
potjie geloop met "oom  
Willie."*

duplicaatvorme van applikasievorme, beursskemas papiere in bonte mengeling bedek nie alleen sy skryf tafel nie, maar ook die vloer." Dat studente, onbekend met die regulasies van die kollege, eers aan die einde van die jaar kennis kry dat hulle nie vir eksamens kwalifiseer nie, is volgens "TW" voorwaar nie 'n advertensie vir die PUK nie: "Om inligtings te verskaf in Uniwersit re aangeleenthede, leiding aan te gee, in wetenskaplike onderneminge onder die studentemenigte, in die administrasie van Uniwersit re inrigtinge, is dit noodsaklik dat die administrasiehoof hom insake regulasies en ander aangeleenthede, goed op hoogte sal hou."<sup>29</sup>

Di  misterieuze "TW" was T(jaart) van der Walt, wat in 1924 lid van die blad se redaksie was.

Destydse student Jacs van Rooy onthou die afloop hiervan s : "En waar is die dag toe Tjaart so geskrik het, toe die val motor knersremmend by hom stilhou. 'Is jy T.W.?' Die studenteblad met die gewraakte artikel voor hom oop ontmoet die ontstelde o  van Tjaart. Hy kon maar net erken. 'Al wat ek wou weet,' en Oom Willie is verder."

Die registrator was omgekrap. En arme Tjaart ...

"Arme ou Tjaart. S  nou die saak word voor die Senaat gebring? Beurse? Verdere studie? ... Hy kla sy nood by my." Op Van Rooy se advies is om verskoning gevra, en toe was die saak weer reg.

Miskien was "TW" se kritiek tog nie heeltemal ongegrond nie, want registrator De Klerk het baie ysters in die vuur gehad. Maar as daar nou 'n man was wat die PUK gek n het, en die wel en wee van die inrigting vir byna drie dekades lank intens deurleef het, was dit hy. Soos Jacs van Rooy in 1975 opgemerk het: "Die geskiedenis van Puk kan nie geskryf word sonder Oom Willie en sy reuse aandeel!"<sup>30</sup>

Dit is nie te verwonder nie dat by sy uitrede 'n paar Raadslede ds De Klerk versoek het om hulle te adviseer oor 'n opvolger. En hy doen dit, onbeskaamd, en toon daardeur welke ho  status hy self aan die pos laat toekom: stel 'n personeellid, verkieslik prof JC van Rooy, as registrator aan en gee aan hom verligting ten opsigte van sy doseerwerk. De Klerk adviseer verder die aanwysing van 'n assistant-registrator, om die administratiewe werk te verrig.<sup>31</sup>

In 'n nat en onplezierige Hilversum, Nederland, het Van Rooy, op hierdie stadium salig onbewus van De Klerk se voorspraak, in dieselfde rigting gedink. Met De Klerk se weggaan, skryf hy aan goeie vriend "Wiekie" (LJ du Plessis), "is die kwessie om die regte man op die regte plek te kry". Hy het verneem dat "Tooi en Steyn" (waarskynlik FJ du Toit en FS (Fritz) Steyn) se name genoem word en hy uiter die versugting dat wel daarin geslaag mag word om een van hulle te kry. "As dit onmoontlik, absoluut onmoontlik" is, versoek hy dat sy vriend "streng privaat" die suggestie met prof Postma opneem dat hy wat Van Rooy is, as sekretaris van die Raad en Senaat optree en dat 'n "deeglike" penningmeester-klerk" daarnaas aangestel word, wat die administrasie, geldsake en minder belangrike korrespondensie kan behartig.

In die motivering van sy voorstel het Van Rooy op gebreke in die PUK opset gewys en sy visie oor sy toekomstige rol en funksies uiteengesit: "Vir myself is ek oortuig dat nie alleen die P.U.K. maar ook ons hele Calvinistiese stryd belemmer word deurdat ons organisasie en administrasie nie is wat dit behoort te wees nie. Om van propaganda-makery nie eens te praat nie. Ek het dikwels beweer, dat, aangesien ons dit nie kan bekostig om spesiaal vir hierdie doeleindes 'n persoon aan te stel en te salarieer nie, ons een van ons staflede daarvoor moet gebruik. So 'n staflid sal dit alleen kan doen as hy gedeeltelik kan vrygestel word van die kolleges, waarmee ons almal oorlaai is ... So 'n persoon moet ook nie altyd op reis wees nie, want dit kos te veel geld. Hy moet hoofsaaklik met korrespondensie (nie omsendbriewe nie maar persoonlike korrespondensie) werk. Alleen as daar een of ander gunstige geleentheid hom voordoen moet hy uitspring."

Nadat hy die "pligtestaat" vir die pos uitgespel het, gaan dit weer oor sy eie posisie: "Soos ek altyd gesê het, ek is bereid om my persoon vir organisasie op bre  skaal beskikbaar te stel, maar dan moet ek sekerheid h  dat my posisie stabiel bly. En dan moet daar ook die nodige hulp wees in die persoon van 'n klerk om die meganiese, tydrowende peuterwerk te doen. As ek 'n deeglike klerk het, dan (denk ek) sien ek kans om die spul daar (losieshuis inkluis) behoorlik te organiseer."



Wiekie moenie dink dat hy homself oorskot nie, maar hy sê dié dinge omdat hy bewus is van die behoefté “dat daar **een organiserende intellek** agter ons hele masjienerie moet kom”. Maak nie saak wie nie, solank die regte man net gevind word. Hyself “is heeltemal gelukkig met my werk soos ek dit het”, met minder hoofbrekens: “Maar aan die ander kant kriewel my siel, soos jy self weet, om ons boeletjie agter mekaar te kry.”<sup>32</sup>

En toe gebeur dit presies só, met rektor Postma self as voorsteller vir Van Rooy se benoeming. Ten tye van Van Rooy se kommunikasie met Du Plessis oor die saak was die masjinerie reeds op die tuisfront aan die rol ...

Raadslid CE de Beer, wat saam met AJ Nel wou hê dat aansoeke vanuit die personeel gevra moes word, was egter gekant teen die aanvaarde voorstel en het gesê dat hy persoonlik protes by die minister sou aanteken. De Beer wou aanvanklik ook nie dat die pos van assistentregisterateur bespreek word nie, maar uiteindelik is ‘n voorstel van hom aanvaar dat die pos nie geadverteer word nie. Daar was een teenstem teen die hieropvolgende opdrag aan die komitee vir Inwendige Beheer “om uit te sien na persone wat in aanmerking kan kom vir hierdie pos” en aan die Raad terug te rapporteer.<sup>33</sup>

Van De Beer se voorgenome klag by die minister is nie weer gehoor nie. Altesaam sewe potensiële kandidate vir die assistentspos is geïdentifiseer: H Hamersma, J de Klerk, Stef Du Toit, PA Venter, W van der Walt, J Buys en C Wiechers. Al die name is aan die pasbenoemde registerateur, wat op daardie tydstip nog met studies oorsee was, deurgegee met die versoek om dit tot ‘n drietal te verminder. So kom dit dat die Raad moes kies tussen H Hamersma (die vorige jaar nog student en redaksielid van die studenteblad), Jan de Klerk (seun van die uittredende registerateur en SVR-voorsitter van 1925) en S du Toit, ‘n jonger broer van FJ (Frans) du Toit, wat enkele jare tevore as tydelike dosent in diens van die PUK was. Die keuse het op laasgenoemde gevall, wat op 1 Desember 1927 in diens sou tree. Ds de Klerk se aanbod, om aan te bly totdat Du Toit in sy werk ingelui is, is met dank aanvaar.<sup>34</sup>

Prof JC van Rooy was ten tye van sy aanstelling as



## 2.1.7

*H Hamersma (links) en Jan de Klerk (regs) – onsuksesvolle kandidate vir die assistant-registerateurspos.*

registerateur besig met sy doktorale studies aan die Vrije Universiteit te Amsterdam. Vir hom sou die afronding van sy studies aan die VU die bereiking van sy aller-ideal wees, veral waar hy deur die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog verhoed is om sy studies aan hierdie inrigting, waar sy drie groot leermeesters, proff JD du Toit, Ferdinand Postma en Jan Kamp, ook studeer het, te voltooi. Volgens eie latere verklaring dra ‘n oormaat van spanning weens onvoorsiene probleme tuis en “onverpoosde arbeid” in Amsterdam by tot sy aanvaarding van die registerateurskap.<sup>35</sup>

Van Rooy se aanstelling het skynbaar nie in alle PUK kringe byval gevind nie. Weer is groot vriend “Wiekie” die klankbord vir Van Rooy, wat sedert sy vorige skrywe aan Du Plessis ‘n senu-ineenstorting gehad en ‘n “weg van grote eensaamheid” bewandel het en nou, in Julie 1927, by swaer “Fransjan” (FJ) du Toit (verbonden aan die kantoor van Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen), aangesterk het.

“Jou mededelings omtrent die beskouinge van die “wetenskaplike broeders” het vir my nie onverwags gekom nie”, skryf Van Rooy. “Ek het te veel omgang met hulle gehad om nie bekend te wees met hulle sienswyse nie. Die verwydering het ek laaste jaar al voorsien ...” Hy het sy bes probeer om die probleme uit te skakel en glo “dat die verwydering langs ‘n vreedsame weg kan verwyn word, sy ons daarin kan slaag om almal so gou moontlik die begeerde verhoogde status te laat kry”. As die begeerde eenheid en broederlikheid dan nie langs vreedsame weg verkry kan word nie, moet sake maar uitgespook word: “Ek probeer altyd om spokery – veral as dit moet geskied tussen ‘broeders van ‘tzelfde huis’ – te vermy so lang dit moontlik is; maar as dit onvermydelik is, dan sien ek kans om ook my aandeel daarin te verrig.” Oor die presiese koers wat hy in die toekoms moet inslaan, “staan die saak taamlik vas ... die kwessie is net of omstandighede my toelaat om my kop te volg”.



## 2.1.6

*S (Fanie) du Toit, assistent-registerateur vanaf Desember 1927.*



### 2.1.8

*Terwyl hy aan die VU studeer het, het prof JC van Rooy en sy vrou saam met mede oud-PUK Frans du Toit (latere PUK-kanselier) 'n toer deur Europa onderneem. Dié foto's is tydens daardie toer geneem.*

Wie dié “wetenskaplike broeders” was wat skeef gekyk het na Van Rooy se benoeming as registrator, word nie gesê nie, behalwe dat Van Rooy meld dat hy waarskynlik ‘n briefie aan (HG) Stoker sal rig “waarin ek hom op ‘n versigtige wyse sal probeer my houding in die saak duidelik te maak”.<sup>36</sup> Ander senior dosente wat, naas Stoker, op hierdie tydstip in die bevorderingsry ingeval het, was AJH van der Walt, DJ du Plessis, HG Schulze en moontlik ook GJ Dekker – en dit kan aanvaar word dat almal “broeders” was.

Dat akademiese naywer wel syns insiens ‘n rol gespeel het in die troebel verhoudinge, blyk uit ‘n latere skrywe van Van Rooy : “Dat ek die status van prof. bereik het, het geskied buite my eie toedoen ... Dat my werk nie huis **professorale** werk volgens Europese vereistes en volgens die maatstaf wat ons ‘wetenskaplike broeders’ stel gewees het nie, wil ek graag erken.” Onder die besondere omstandighede wat geheers het, voel hy tog dat sy arbeid darem nie sonder sukses was nie.<sup>37</sup>

Van Rooy het sy benoeming as registrator as ‘n “bestiering van die Here beskou” en hy was veral in sy skik met die ondersteuningsbrieve wat hy van rektor Postma, prof Du Toit, ds De Klerk en raadslid DN Kotzé ontvang het. Hy het nou meer klarigheid oor sy nuwe werk: “Dit spreek vanself dat ek nie van plan is om my te gaan sit en verpeuter agter die tikmasjien en agter optelsomme nie. Volgens my benoemingsbrief

is dit dan ook nie die bedoeling van die Raad nie ... My aandeel sal hoofsaaklik daarin bestaan dat ek die verantwoordelikheid dra dat ek organisasieplanne agter mekaar sit, dat ek (in die woorde van ds de Klerk) ‘sake tussen die kollege en die kerk en die Regering behartig’. ‘n Meer behoorlike arbeidsveld as dit kan vir my nie geopen word nie.”

Die behoud van sy professorale status was vir Van Rooy baie belangrik en het hy dit beskou as in belang van die Kollege; daarvan getuig ook die brieve wat hy ontvang het, veral dié van die rektor. Dat vyande van die PUK sal poog om dit as ‘n statusverlaging voor te stel, skeel hom min – en dit is “juis om ons posisie te verseker teen hulle aantyging dat ons die registratorskap nie aan elke stront wil toevertrou nie”. As dit wel ‘n statusverlaging gaan word, “dan kan dit alleen gebeur deurdat sogenaamde vriende dit in die hand gaan werk (tensy ek self natuurlik in die nuwe posisie ‘n mislukking blyk te wees)”. Dat vriende egter hierdie situasie gaan uitbuit, in hulle eie belang, is vir hom minder aangenaam – hy sou eerder simpatie, ondersteuning en beskerming verwag het. Hy sal hom desnietemin nie laat weerhou van dit wat hy as sy plig en roeping beskou nie, al moet dinge desnoods uitgespook word: “In kort – so lang ek oortuig is dat ek ‘n plig te volbring het aan die kollege en so lang ek weet dat ek die vertroue geniet van die leidende figure van die Doppers, wyk ek geen duimbreed nie. Sodra ek daarenteen merk dat dit nie



meer die geval is nie, bly ek dan ook geen dag langer nie.”<sup>38</sup>

Die kombinasie Van Rooy-Du Toit sou blyk ‘n gelukkige keuse te wees. Terwyl eersgenoemde baie sterk in die openbare lewe sou figureer, het Du Toit hom hart en siel aan sy taak as administratiewe uitvoerende amptenaar gewy.

Stephanus du Toit, jonger broer van FJ (Frans) du Toit, het as staatsamptenaar in Pretoria gewerk en buitemuurs in handelsvakke aan die Transvaalse Universiteitskollege studeer. Hy was ook lid van die buitemuurse sowel as die gesamentlike studenteraad van die TUK. Voordat hy sy graad kon behaal, het hy, veral op grond van sy ervaring as rekenkundige en uitbreidingsamptenaar, die aanstelling as assistantregisterator aan die PUK gekry.<sup>39</sup>

Met die wyse en eerbiedwaardige Ferdinand Postma as opperstuurman sou hierdie drietal, ondersteun deur ‘n begeesterde doseerkorps en administratiewe personeel, die woeste vaarwaarters waarin die PUK hom spoedig sou bevind, moes trotseer. Inderdaad het hierdie drietal aan die stuur gestaan van die PUK-skip tot op die voorraad van selfstandigwording in Maart 1951.

### 2.1.3 Senaat, fakulteite en departemente

Naas die rektor en ‘n verteenwoordiger van die Raad, het die Senaat volgens wetgewing bestaan uit die professore en daardie lektore wat aan die hoof gestaan het van besondere afdelings, soos deur die Raad bepaal. Laasgenoemdes is geklassifiseer as “bijzittende” lede, met die reg om aan besprekinge deel te neem, dog sonder stemreg – tensy die Raad hulle tot volle lede van die Senaat verklaar.<sup>40</sup>

By inkorporasie het die Senaat van die PUK bestaan uit die sewe professore, te wete F Postma, SPE Boshoff, J Kamp, APC Duvenage, JC van Rooy en die twee teologiese dosente JD du Toit en JA du Plessis.

Soos die Raad, maar op meer intensiewe skaal, het ook die Senaat grootliks op ‘n komiteestelsel gefunksioneer. By inkorporasie in September 1921 was die volgende komitees, elk met ‘n eie reglement, in aksie: komitee vir Beurse, komitee vir Biblioteek, komitee vir Jaarboek en komitee vir Leerkursusse en komitee vir Losieshuise. Al vyf hierdie komitees het hul eerste vergaderings gehou op 21 September 1921, met die rektor as voorsitter van almal.<sup>41</sup>

Nadat rektor Postma reeds in Maart 1922 die gedagte van algemene lesings geopper en dit na ‘n komitee

verwys is, en hierdie komitee of kommissie, soos later hierna verwys is, ‘n positiewe aanbeveling gedoen het, is ‘n kommissie vir die reëling van sodanige lesings “vir vanjaar” op 5 April 1922 aangewys.<sup>42</sup> Dat hierdie kommissie inderwaarheid in ‘n deurlopende komitee verander het, blyk uit die feit dat die Raad in Junie 1923 versoek is om jaarliks £10 by te dra vir die “komitee vir Wetenskaplike Populêre Lesings”. In Augustus 1923 dien prof Boshoff steeds as sameroeper en op 5 September dié jaar figureer die komitee vir Lesinge dan ook by die hersamestelling van senaatskomitees.<sup>43</sup>

Vanaf November 1922 funksioneer daar ook ‘n komitee vir Geboue,<sup>44</sup> wat later gewysig sou word tot komitee vir Geboue en Gronde.<sup>45</sup> Ook hierdie komitee sou, soos die eweknie-komitees, baie daartoe bydra dat die ontluikende en ontwikkelende universiteitskollege die moeilike aanvangsjare kon deurstaan.

Oor die bestaan van fakulteite binne die voëë van die nuwe universiteitskollege is daar in die literatuur oor die PUK onsekerheid en verwarring. Naas die Senaat, is fakulteitsrade ‘n tweede vlak van akademiese bestuur vir grootliks enersoortige of wedersydse aanvullende vakke of disciplines. Met die aanvang van werkzaamhede in die nuwe bedeling was daar aan die PUK geen formele, selfstandige fakulteite nie, hoewel daar tog “dekanе van fakulteite” in die jaarboek van 1922 (p 52) gelys word, naamlik

- Prof dr F Postma: Klassieke en Opvoedkunde
- Prof dr SPE Boshoff: Hollands en Engels
- Prof J Kamp: Duits, Frans en Geskiedenis
- Prof APC Duvenage: Wis- en Natuurkunde
- Prof JC van Rooy: Filosofie
- Prof dr JD du Toit: Teologie.

Net om die verwarring oor die bestaan van “fakulteite” groter te maak, word op 3 Mei 1922 ‘n verdere drietal “dekanе” deur die Senaat benoem:<sup>46</sup>

- Prof G van Wageningen: Toegepaste Wiskunde en Natuurkunde
- Prof JS van Heerden (Normaal): Opvoedkunde
- Prof JA du Plessis: Grieks

Dit wil voorkom asof die term “fakulteite”, soos dit in die 1922 jaarboek aangetref word (en dus ‘n weerspieëeling is van die situasie teen die einde



van 1921), eintlik maar net bedoel was as 'n soort optooring, om darem in lyn te vertoon met die breë akademiese wêreld waarbinne die PUK hom nou, ná inkorporasie, bevind het. En dat daarmee eintlik bedoel was vakgroepe (in sommige gevalle slegs enkele vakke) en dat die "dekane" eintlik maar net hoofde van die vakke oftewel departementshoofde was.

Die formele instelling van fakulteite dateer wel ietwat later in 1922 en was die uitvloeisel van 'n skrywe wat LJ du Plessis namens die lektore in Augustus 1922 aan die Senaat voorgelê het, met die versoek dat art. 15(d) van die Kollegewet uitgevoer word. Volgens hierdie artikel sou lektore wat as hoofde van departemente dien, ook sitting op die Senaat verkry en deur die Raad as volle lede van die Senaat verklaar kan word.<sup>47</sup>

Du Plessis het die versoek toegelig, waarna 'n senaatskommissie benoem is om verder met die saak te werk.<sup>48</sup> Met prof JA du Plessis as voorsitter, het professore Boshoff, Duvenage en van Rooy saam met die registrator en lektore DJ en LJ du Plessis, GTS Elselen, HG Schulze en AJH van der Walt gevvolglik koppe bymekaar gesit.<sup>49</sup> Na bespreking is besluit om die lektore se saak aan die Raad voor te lê en daarna te besluit hoe nouer kontak bewerk kan word. Intussen sal die Senaat lektore op hoogte hou van "sake waar hulle belang by het". Lektore word uitgenooi om met vrymoedigheid die Senaat te nader oor sake wat vir hulle van belang is. Baie insiggewend is die volgende inskrywing: "Die Senaat word ook geadviseer om te besluit dat fakulteite, waarvan die gereelde fakulteitsvergadering nog nie gehou word nie, gereël moet word."<sup>50</sup>

Vroeg in September 1922 en as uitvloeisel van die druk van lektorekant besluit die Senaat vervolgens "om die Kollege te verdeel in 'n fakulteit van Lettere en van Wetenskappe" en kry proff Du Plessis en Duvenage opdrag om onderskeidelik die twee fakulteite te organiseer. Dit is gedoen en op 1 November 1922 word prof Ferdinand Postma aangewys as dekaan van die Filologiese Fakulteit en prof APC Duvenage van die Natuurkundige Fakulteit.<sup>51</sup>

Hier, en hiermee, het die eerste twee fakulteite aan die PUK hul beslag gekry: die **Filologiese Fakulteit** en die **Natuurkundige Fakulteit**, met 1 November 1922 as onbetwistbare stigtingsdatum.

Sonder dat enige spore gekry is van wysigings in die benaminge, word Postma in die jaarboek van 1923 aangedui as dekaan van die **Fakulteit Lettere, Kunste ens.** en Duvenage as dekaan van die **Fakulteit Natuurwetenskappe**. Dieselfde twee fakulteite figureer vir die volgende aantal jare as sodanig maar in die jaarboek vir 1929 verander eersgenoemde se naam na **Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte**.<sup>52</sup>

Die gebruikmaking van die term *filologiese* in die senaatsnotule van 1 November 1922 was skynbaar maar net 'n akademiese tongclip, siende dat hierdie term eintlik grootliks tot die studie van taal beperk is.

'n Geïsoleerde verdere verwysing na die struktuur van fakulteite word aangetref in die senaatsnotule van 25 November 1925: rektor Postma vra of die voorsitter van die Senaat (hyself) ook die pos van dekaan van 'n fakulteit sal beklee. Postma figureer natuurlik deurentyd in die jaarboekaanwysings as dekaan van die Fakulteit Lettere, Kunste, ens. en dit was moontlik 'n poging om mag te verdeel, of om sy eie las lichter te maak. Wat ook al die geval, sy kollegas het geen beswaar geopper teen sy voortgesette bekleding van die amp nie.<sup>53</sup>

'n Oënskynlik uiters vreemde verskynsel is die bestaan van 'n **komitee vir Natuurkunde**, wat op 15 Februarie en 7 Maart 1922 vergaderings gehou het. Dieselfde geld vir notules van die **komitee vir Opvoedkunde**, met eerste vergadering op 31 Julie 1922.<sup>54</sup> Die notuleboek bevat ook notules van ander ad hoc vergaderings, almal opgeteken in 'n boek waarin handgeskrewe notules van komitees van die Senaat in kronologiese orde opgeneem is. Voor in die boek is die reglemente van die onderskeie senaatskomitees opgeneem – maar sonder dat die komitees vir Natuurkunde of Opvoedkunde dáár figureer.

Hierdie notules bevestig die gevolgtrekking waartoe geraak is, naamlik dat die "fakulteite" waarna aanvanklik verwys is, bloot net departemente of vakgroepe was.

Twee weke na die instelling van die twee fakulteite, op 13 November 1922, vind die eerste vergadering van die "vergrote" Senaat (professore plus lektore) plaas.<sup>55</sup> Sedertdien is van tyd tot tyd sulke gesamentlike vergaderings gehou, maar voorasnog het die professore alleen die Senaat gevorm. Op 7 November 1923 is by die Raad aanbeveel dat die lektore (op hierdie stadium LJ du Plessis, DJ du Plessis, AJH van der Walt, HG Schulze, DJ van Rooy en GTS Elselen - laasgenoemde voorwaardelik) bevorder word tot senior lektore en dat hulle dan met volle stemreg sitting op die Senaat sou hê. Die verhogings is toegestaan en vroeg in Februarie 1924 het hulle hul plekke as volwaardige lede van hierdie bestuursliggaam ingeneem.<sup>56</sup> In Maart 1925 is aan lektore verlof verleen om voortaan alle vergaderings van die Senaat by te woon.<sup>57</sup>

Die departemente of vakke <sup>58</sup> **waarin vanaf 1921 onderrig gegee is, met die dosente se name daarnaas, was soos volg:**<sup>59</sup>

- Klassieke: Prof F Postma, lektor LJ du Plessis
- Moderne Tale (Frans, Duits, Engels en Hollands): Proff



J Kamp en SPE Boshoff, lektor HG Schulze en spesiale lektor pastor A Kohl

- Filosofie: Prof JC van Rooy
- Geskiedenis: Lektor AJH van der Walt
- Wis- en Natuurkunde: Prof APC Duvenage
- Skeikunde: Lektor DJ du Plessis
- Plant- en Dierkunde: Lektor GTS Eiselen
- Opvoedkunde: Spesiale lektore JS van Heerden en JC Coetzee
- Teologie: Spesiale lektore proff JD du Toit en JA du Plessis.

In 'n voorloperpublikasie tot die 1922 Jaarboek, getiteld *Akademiejaar 1922* (wat net agt bladsye beslaan), is Skeikunde en Plant- en Dierkunde nog onder Wis- en Natuurkunde gegroepeer. Hoewel daar in die loop van die volgende jare verskeie ander groeperinge gemaak is, sou die basiese vakkie behou word en is daar teen 1929 net Staatsfilosofie, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis en BEcon-vakke tot die lys toegevoeg.<sup>60</sup>

Die vak Ekonomie is vanaf 1923 aangebied, hoofsaaklik as noodsaklike byvak vir Geskiedenis. Oud-student FJ du Toit, wat intussen sy graad aan die Universiteit van



### 2.1.9

*FJ du Toit het as "besoekende dosent" in 1923 gratis klas gegee, terwyl hy aan 'n plaaslike koerant verbonde was. Hy sou later 'n kleurryke loopbaan in die staatsdiens en handelswêreld volg en onder meer as kanselier van die PUK dien. Hy was ook 'n ywerige sportman en het onder meer 'n tyd lank as sekretaris van die Wes-Transvaalse Rugby-Unie opgetree. Op die foto verskyn hy (heel links) op 'n spanfoto van die "Mielieboere" in 1922, saam met twee PUK-lede van die span heel voor, Willem de K Krüger en JP (Hans) Aucamp, Springbok in 1924.*

Stellenbosch behaal het, het as "besoekende dosent" enkele lesings per week gratis aangebied. Die Raad het hom darem aan die einde van die jaar 'n gratifikasie van £60 laat toekom.<sup>61</sup> Vanaf 1925 het Geskiedenisdosent AJH van der Walt die klasse aangebied en in 1927 is dr JP van der Merwe (wat in 1926 as locum tenens vir AJH van der Walt opgetree het) aangestel om Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis te doseer. Vanaf 1928 is die BEcon-graad ingestel, maar dit was nie lewensvatbaar nie en is in 1930 gestaak.<sup>62</sup>

### 2.1.4 Personeelsake

Wat sy personeelkorps betref, het die PUK gedurende die twintigerjare groot bestendigheid vertoon. Van die dertiental volle dosente en drie spesiale dosente wat aan die begin van 1922 aan die inrigting verbonde was, is twee oorlede (proff Duvenage en Kamp) terwyl spesiale lektor A Kohl aan die begin van 1925 verhuis het – die res was teen die einde van die dekade twintig nog almal in hul poste, al het daar hier en daar vakverskuiwings of bevorderings plaasgevind.

In die ses jaar tussenin het 'n aantal uiters bekwame geleerde tot die geledere van hierdie Gideonsbende toegetree. Eerste was die Nederlander, prof G van Wageningen, wat vanaf die begin van 1922 as professor in Natuurkunde aangestel is en voorheen onderwyser te Ventersdorp was.

In 1925 is die personeelkorps stewig uitgebrei met die toegvoeging van personele soos HG Stoker (Filosofie), GJ Dekker (Hollands), mej AC Norenus (Engels), mej MM Radloff (Plantkunde) en JC Coetzee, wat van Normaal oorgekom het om die nuwe professoraat in Opvoedkunde aan die PUK te vul. Dr JP van der Merwe (1926) en DJ van Rooy (1924) sou diep spore trap en ver paaie saam loop, terwyl mej Norenus, wat die eerste vroulike professor aan die PUK was, en Radloff met hul aanstellings 'n bres geslaan het in die tot dusver eksklusiewe "klub" van mansdosente. In 1925 het prof CJH de Wet as derde spesiale dosent in Teologie diens aanvaar.<sup>63</sup>

In personeelgeledere was daar egter ook twee gevoelige verliese. In Mei 1923 is die energieke en veelsydige prof APC Duvenage skielik na 'n beroerte aanval oorlede. Vir die PUK was dit 'n "droewige gebeurtenis". Duvenage was vir ongeveer 16 jaar, wat beskryf is as "deurgaans 'n tyd van harde worsteling", deel van die ontwikkeling van die inrigting en ywerig betrokke by die bevordering van onderwys in die algemeen.<sup>64</sup>

In Julie 1924 sterf ook prof Jan Kamp. Sy dood word opgeteken as 'n groot verlies, na byna twintig jaar se verbintenis met die inrigting. Hy het veel gedoen om



## 2.1 'n Plek in die son: Ordening en Konsolidasie

Christelik nasionale onderwys te bevorder, terwyl sy naam as letterkundige kritikus 'n "goeie klank" gehad en baie studente gelok het. Die PUK, sê Postma, "is 'n man van betekenis armer geword".<sup>65</sup>

Selfs in Nederland is Kamp hoog geag. Prof Rommert Casimir, wat in 1922 'n uitgebreide lesingstoer na Suid-Afrika onderneem het, het vroeg in 1923 die gedagte deurgegee dat die Vrije Universiteit dit oorweeg om 'n eredoktorsgraad aan Kamp toe te ken, waardeur natuurlik ook "meerdere geestelike steun kan worden geboden aan onze stamverwanten in Zuid-Afrika". Na breedvoerige bespreking is goedgekeur dat die dekaan van die Fakulteit Lettere sal probeer om geskrifte van Kamp te identifiseer en dan die saak in die Senaat ter sprake sou bring.<sup>66</sup>

Die VU se senaatsnotules meld niks van verdere verwikkelinge rondom hierdie saak nie. By Kamp se oorlye kort hierna het *De Standaard* teruggedink aan "den adel van zijn karakter en de oprechtheid van zijn bedoelingen" en toegegee dat sy eintlike groot werk, sy lewenstaak vervul is as dosent aan die Teologiese Skool en die PUK.<sup>67</sup>

Aan die begin van 1924 word mnr Hector M Paterson as professor in Engels aangestel, nadat die Senaat die naam van dr PC Schoonees as die beste kandidaat uit Afrikanergeledere en Paterson s'n as die beste van die



### 2.1.10

*Dr PC Schoonees - onsuksesvolle kandidaat vir die professoraat in Engels, 1924. Hy sou later groot naam maak op die terrein van Afrikaanse taal en letterkunde en het as woordeboekmaker blywende bydraes gelewer. Van agterna beskou, het die PUK in hom 'n "groot vis" laat wegkom. (kyk oa SA Biografiese Woordeboek IV pp 573-575).*

Engelse aan die Raad deurgegee het. Ten tye van sy aanstelling is hy ook 'n professoraat te Stellenbosch aangebied.<sup>68</sup>

Paterson het goed afgesit, 'n "uitstekende" intreerede gelewer en, synde van Skotse afkoms, op vele die indruk gemaak van 'n "Engelse Dopper" te wees. Die erns waarmee hy sy taak benader het en sy godsdienstige beskouinge in verband met die letterkunde het beïndruk.<sup>69</sup> Weens 'n drank- en persoonlikheidsprobleem het dit nie alte goed gegaan nie en moes hy hom reeds vanaf die derde kwartaal van doseerwerk onttrek. Hy het sy bedanking vir 1 November 1924 ingediend. 'n Plaasvervanger sou vanaf 1 Februarie 1925 aangestel word en prof SPE Boshoff (op MA-vlak), prof F Postma en lektor HG Schulze (op BA-vlak) sou intussen sy doseerwerk oorneem.<sup>70</sup>

Ten spyte van finansiële probleme en die relatiewe gesukkel om studente te lok, het die jong universiteit dit tog erns gemaak die standaard van sy akademiese opleiding. In die relletjie rondom drie Raadslede se bedanking aan die einde van 1924 (**kyk Afdeling 2.3.3**) het die Kollege hom met die argument van akademiese meriete en standarde teen die sterk klag van kerkistiese bevoordeling verweer.

Dat die PUK baie gevoelig was oor die kwessie van standarde, kom vroeg in 1925 sterk na vore uit 'n brief van prof JPR Wallis van die TUK, in sy hoedanigheid as eksaminator van die Universiteit van Suid-Afrika, "waarin gekonstateer word dat die peil van Engels aan die P.U.K. nie bevredigend is nie". In werkliekheid het Wallis gekla omdat hy nog nie sekere tweedejaarseksa menskrite in Engels ontvang het nie: "The question of standard of work at that College is likely to be raised and I have had no opportunity of judging it except for the First Year Essay."

Hierdie beskuldiging is deur die registrator van die Universiteit van Suid-Afrika aan prof Boshoff deurgegee, wat terug laat weet het dat prof Wallis nie die eksterne eksaminator vir die betrokke vraestel is nie. En hy kan gerus maar die kwessie van die standaard by die PUK laat totdat hy meer kennis daarvan het.<sup>71</sup>


Die Senaat het kennis geneem maar besluit om geen stappe te neem nie. Tog is aan die hand gegee dat Paterson se opvolger, mej AC Norenus, en prof Boshoff "ter gelegener tyd sal probeer om dit aan die verstand van prof Wallis te bring dat sy kritiek as ongegrond beskou word".<sup>72</sup> Hierdie opmerking moes so ietwat met die tong in die kies gemaak gewees het want in die jaaroorsig vir 1924 het rektor Postma self gerapporteer "dat die vakke Hollands en Engels noodwendig nie vanjaar tot hulle reg kon kom nie", as gevolg van Paterson se uittrede en die oorlye van prof Jan Kamp in Julie 1924.<sup>73</sup>



Besteding aan personeel, hetsy vir aanstellings of vir bevorderings, sou vanweë die finansiële druk waaraan die PUK deurentyd onderwerp was, aan deeglike kriteria getoets word. Toe prof Van Wageningen gevvolglik in September 1925 vra vir bevordering van twee dosente, een tot senior lektor en een tot professor, word die hele saak van bevordering bespreek en vir advies na 'n kommissie verwys. 'n Maand later is die kommissie gereed met die riglyne, adviseer hulle dat drie beginsels by bevordering in ag geneem moet word, naamlik (a) die vereistes van die verskillende departemente van die inrigting, (b) wetenskaplike prestasie en bekwaamheid vir hoër studie en onderwys en (c) die aantal suksesvolle diensjare. Wat betref die procedure, moet die fakulteit by die Senaat, en die Senaat by die Raad aanbevelings doen, telkens met uiteensetting van redes.<sup>74</sup>

Hierdie beleid is onmiddellik geïmplementeer. Van Wageningen se aanbeveling vir die bevordering van lektor DJ van Rooy tot professor in die nuwe vak Wiskunde en Toegepaste Wiskunde is wel aanvaar, maar met die versoek "dat die fakulteit die gronde vir sy aanbeveling beter formuleer".<sup>75</sup>

Aan ywer vir verdere studie en die verwerwing van hoër kwalifikasies het dit by die personeel van die aspoester universiteitskollege nie ontbreek nie. Teen die einde van 1920 het prof Duvenage sy studies aan die



Universiteit van Kaapstad suksesvol afgehandel met die verwerwing van sy meestersgraad, en 'n jaar later was dit kollega SPE Boshoff wat met lof aan die Universiteit van Amsterdam promoveer, met 'n proefskrif oor "Volk en taal van Suid-Afrika". Boshoff het spesiale toestemming van die universiteitsowerheid gehad om sy bevindinge in sy moedertaal aan te bied.<sup>76</sup>

Teen die einde van 1925 het prof JC van Rooy Europa besoek om voorbereidings vir sy gevorderde studie te gaan tref. Die studenteblad het hom 'n goeie reis en 'n veilige terugkeer toegewens "want by alle wisseling en verandering bly Prof. Joon tog die professor vir die studente". Maar dis nie al nie; lektor Gerrit Dekker het ook in hierdie tyd sy skrede Nederland toe gewend, om teen Maart 1926 met lof aan die VU te promoveer.<sup>77</sup>

In sy jaaroorsig vir 1926 stip rektor Postma aan dat prof JC van Rooy sy doktorale eksamen aan die VU te Amsterdam afgelê het, dat senior lektor DJ du Plessis sy doktorsgraad met lof aan die Universiteit van Bonn, Duitsland behaal het en dat prof J Chr Coetze by die Universiteit van Suid-Afrika in die Opvoedkunde gedoktoreer het. Senior lektor AJH van der Walt is ook besig met sy doktorale studie in Duitsland, onder leiding van die beroemde Duitse geleerde, prof Friedrich Meinecke van die Kaiser Wilhelm Universiteit te Berlyn.



### 2.1.11

*AJH van der Walt. Doen waardevolle ondervinding op tydens 'n internasionale universiteitskonferensie en verwerf sy doktorsgraad aan die Universiteit van Berlyn.*



## 2.1 'n Plek in die son: Ordening en Konsolidasie

Postma was heel in sy skik; die Kollege baat baie by hierdie “prysenswaardige studie drang” van sy personeel.<sup>78</sup> Die studenteblad op sy beurt gee 'n raak opsomming van die situasie op die Bult: “Die eksodus na Europa het verander in 'n regressus sodat ons al ons professore en lektore weer veilig en wel in ons midde het, behalwe lektor A.J.H. van der Walt ...”<sup>79</sup>

Terwyl hy in Berlyn was, is Van der Walt versoek om 'n konferensie van universiteite van die Britse Ryk namens die PUK by te woon.<sup>80</sup> Só doen hy op vroeë leeftyd waardevolle ondervinding op van die universiteitswese, ondervinding wat later van groot nut sou wees vir sowel sy Alma Mater as vir die moederuniversiteit, die Universiteit van Suid-Afrika. Interpersoonlike verhoudinge by so 'n klein onderwysinrigting is nog so goed soos kan kom. Deur korrespondensie met die registrateur word Van der Walt op hoogte gehou van verwikkelinge op die tuisfront. Totdat mnr Van der Merwe kom oorneem, word die Geskiedenisklasse waargeneem deur prof Boshoff en lektore Schulze en Dekker. Hy verneem ook dat die kontrak vir die dubbelverdieping losieshuis (Heimat) geteken is en dat argitek Gerhard Moerdyk “**'n geniale plan'** vir ons geboue in die toekoms op onse gronde” verskaf het. En middel Mei is daar nuus oor 'n vroeë winter huis:

“Die winter vat nou skerp. 'n Mens moet kort, kort sonniekie [sic!] se kant toe staan.”<sup>81</sup>

Van der Walt was baie dankbaar teenoor die Raad: “Die geleentheid om my grondig in my vak en sy vertakkinge in te werk, en veral om 'n deeglike dissertasie te lewer, sal nie alleen my persoonlik nie maar seker meer nog die Kollege ten goede kom.”<sup>82</sup>

Twee jaar later verleen Van der Walt (Geskiedenis) en HG Schulze (Duits) luister aan die PUK met die verwerwing van hul doktorsgrade. Terselfdertyd het prof Van Wageningen (Natuurkunde) en senior lektrise Norenius weer koers gekry buiteland toe, om onderskeidelik in Nederland en Engeland verdere vakennis op te doen.<sup>83</sup> In 1929 word studies bekroon toe doktore DJ du Plessis, AJH van der Walt en HG Schulze tot professore in onderskeidelik Skeikunde, Geskiedenis en Duits bevorder word.<sup>84</sup>

In vergelyking met die situasie tydens inkorporasie in 1921, toe die Senaat uit 'n skrale sewetal professore bestaan het – die vier lektore en drie spesiale lektore het destyds nie deel van die Senaat gevorm nie – het die dertien professore en sewe senior lektore van die Senaat aan die begin van 1930 'n veel sterker beeld



### 2.1.12

**PUK-personeel 1927.** Voor: prof JA du Plessis, dr HCM Fourie (Bybelvertaler), dr EE van Rooyen (Bybelvertaler), prof D van Gelderen (VU Amsterdam), prof JD Kestell (Bybelvertaler), dr JD du Toit (Bybelvertaler), dr BB Keet (Bybelvertaler), prof dr F Postma (Rektor PUK), ds WJ de Klerk (Registrateur PUK) en prof CJH de Wet. Middel: J de Ruiter (tydelik lektor), dr DJ du Plessis, dr JC Coetzee, mej MM Radloff, mej AC Norenius, prof JS van Heerden, prof G van Wageningen en CJ Beyers (tydelik lektor). Agter: GTS Eiselen, LJ du Plessis, dr J van der Merwe, dr HG Stoker, dr G Dekker en DJ van Rooy.



na die akademiese wêreld daar buite uitgedra. Hul opleiding was feitlik deur die bank van hoogstaande gehalte, deurloop aan gevestigde instellings vir hoër onderrig in Europa en Brittanie. Met die akademiese onderbou van die jong universiteitskollege het daar niks geskort nie ...

### 2.1.5 Studentelewe kry koers

Met die betreding van die interuniversitaire terrein, soos dit opgesluit gelê het in die federale opset waarvan die PUK ook sedert September 1921 deel geword het, was die studentelewe aan die PUK nog maar bra eina georganiseerd. Behalwe 'n sestal vakkundige klubs (Filosofies, Histories, Dierkundig, Skeikundig, Letterkundig (juniors) en Teologies), het die hele georganiseerde studentelewe gewentel rondom Korps Veritas Vincet (KVV) en die Afrikaanse Studentebond (ASB). Op sportgebied was daar net 'n "Teo"-voetbalklub (rugby) en 'n "Teo"-tennisklub, en het daar in die loop van 1922 ook nog 'n "atletiese klub" bygekom.<sup>85</sup>

Die formele omvorming van die Literariese of Kollege Departement tot die PUK vir CHO in 1919 en die daaruit voortvloeiende inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika, asook die gedeeltelike inskakeling van Normaal studente, het noodwendig ook reorganisasie en skeiding in die studentegemeenskap tot gevolg gehad. Korps Veritas Vincet met sy eksklusiewe, beginselgerigte grondslag sou gaandeweg tog blyk nie die ideale liggaam te wees om die belangte van die breë en steeds breër wordende studentegemeenskap te behartig nie: "Studente het nie meer lede geword uit oortuiging nie, maar om nie uitgesluit te wees van die georganiseerde studentelewe nie", terwyl Korps op sy beurt weer sy hoofdoel uit die oog begin verloor het as gevolg van die velerlei administratiewe funksies betreffende die studentelewe.<sup>86</sup>

Die hand is diep in eie boesem gesteek: "Van verskillende kante het ons as studente dit al teën die kop gekry dat ons aan die slaap is. Die beskuldiging geld nie alleen die korpslewe nie, maar die studentelewe, in die algemeen. Dit word dan uitgedruk dat daar so 'n begrafnisgees heers, dat daar geen entoesiasme is vir dinge wat hoër staan as sport en nooiens; dat ons net druk besig is met ons studiewerk en nie opbouende werk vir die maatskappy doen nie." Hierdie beskuldigings komveral van "lede van die ou aarde" [garde?], wat wys op wat hulle gedoen het: "Hulle het gestry vir beginsels, vir taal en kultuur en die stem van *Veritas Vincet* het altyd suwer weerlink, nie alleen in gereformeerde kringe nie, maar ook daarbuite."

Die beskuldigings is gegrond, en "beskaamheid vervul ons aangesigte". Darem bygesê, dis 'n wyer tendens (kyk maar na die gesukkel van die "Unie van Studente en Ou-studente") en die vorige twee jaar is 'n oorgangstydperk deurgemaak: "Die P.U.K. het so vinnig gegroei dat hy hom self nie kon oriënteer in sy nuwe posisie nie. Ons het die kinderskoene ontgroei voor ons bene sterk genoeg was." Maar nou is daar oral oplewing te bespeur.

Wat leierskap in die studentelewe betref, is van Korpskant openlik erken: "Waar dit vroeër die ideaal was van die Korps om die verteenwoordigende liggaam van die P.U.K. en Teol. Skool te wees, het ons nou daarvan afgesien omdat dit geen ideaal van die Korps behoort te wees nie."<sup>87</sup>

Reeds vroeg in 1923 het die praetor van die studente 'n samespreking met die rektore van die PUK en die Teologiese Skool aangevra, waartydens hulle geadviseer is om vir elke groep (studente van PUK en Teologiese Skool onderskeidelik) 'n praetor te kies. Dié twee praetors het toe saam met die bestuur van Korps as Studente Verteenwoordigende Raad opgetree. Hierdie eksperiment het egter nie gewerk nie, onder meer toe te skryf aan "die veranderde verhoudinge in die studentelewe" vanweë die feit dat heelwat van die lede Normaal studente was. Skynbaar het 'n afsonderlike Studente Verteenwoordigende Raad (SVR) kort hierna sy beslag gekry want in *Veritas Vincet* se uitgawe van die derde kwartaal 1924 word vertel dat die geskiedenis geleer het "dat die Korpsbestuur en die S.V.R. nie kan vereenselwig word nie" en "dat ons bly is dat die studente 'n aparte S.V.R. gevorm het". Ook dat Korps nie self "van die kleinood so swaar verkry" kon afsien nie en maar "stil gesit en wag (het) tot dit hom afgeneem is", te midde van gevoelens wat hoog geloop het. Dit word gelate so aanvaar.<sup>88</sup>

Die nuwe SVR het nog in 1923 op gang gekom want in November dié jaar dien daar 'n geldelike versoek van dié liggaam voor die Senaat, terwyl die Raad in April 1924 'n bedrag van £15 aan hulle toegeken het vir die aanbieding van "die feestelikheid" tydens gradedag.<sup>89</sup> Die feit dat geen notuleboeke van die SVR voor die middel dertigerjare behoue gebly het nie, bemoeilik die rekonstruering van die werksaamhede en aktiwiteite van hierdie belangrike instelling sowel as van die studentelewe in die algemeen. Hoewel die PUK-jaarboek van 1923 Abraham Duvenage as praetor en WJ (Willie) Snyman as visepraetor aandui van Korps *Veritas Vincet*, "wat ook optree as S.V.R.", het dit skynbaar op die situasie gedurende 1922 geslaan. Vir 1923 is die twee posisies gevul deur WJ Snijman en T Spoelstra, met GF (Frikkie) Robbertze as sekretaris. Presies wanneer in 1923 Korps die leisels aan 'n aparte SVR afgestaan het, kon ook nie uit die Korpsnotules vasgestel word nie.<sup>90</sup>



2.1.13

Studente Verleenwoordigende Rade 1924 en 1925.



Volgens die PUK-jaarboek van 1924 (p 115), wat minstens ook 'n gedeelte van die toestand in 1923 weerspieël, het die selfstandige studenteraad bestaan uit GF (Frikkie) Robbertze as voorsitter en HP Malan, WA Labuschagne, GJ Erasmus en J Davey.

Die SVR se wiele het eintlik eers in 1925 goed begin rol, met 'n suksesvolle ontgroeningsprogram. Met optimistiese verwagtinge is in 'n rubriek "In en om die P.U.K." na die toekoms uitgesien: "Mag die S.V.R. hom met krag daarop toelê om die korporatiewe lewe onder ons tot uiting te bring; mag hulle ons leer om met fatsoenlike gracie en passende waardigheid ordentlike 'show' te maak; mag hulle ons leer om te sing met wyd oopgerekte monde en (al is dit partykeer met gebarste kele), met luide galme en nie met bewerige wegsluk-oumens-stemme; mag hulle ons leer om met opgerigte hoofde en flinke stap met trompetgeskal en tamboereingeklop, in optoggewade en P.U.K. kleur die strate van Potchefstroom lewe en geur en kleur

te gee, sodat die lug tril van studentevreug. Dit is my hartewens."<sup>91</sup>

Dit wil-wil voorkom asof 'n mens hier met die geboorte-uur van die latere "Vreugdedag", alias Karnaval, alias Jool te doen het.

In 1924 het daar twee verdere verwikkelinge van belang vir die georganiseerde studentelewe plaasgevind. Die Normaal studente, van wie baie die PUK-kursusse gevolg het, het 'n eie Studente Verteenwoordigende Raad aangewys en erkenning van die PUK-Senaat gevra en verkry.<sup>92</sup> Tweedens het Robbertse in Julie 1924 die PUK verteenwoordig op die stigtingskonferensie van die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) te Bloemfontein. Deur deelname aan en vereenselwiging met die oogmerke en doelstellings van hierdie nasionale studentevereniging het die PUK studente ook deel geword van die groter studente opset in die land, was Robbertse medegrondlegger

UNIVERSITEITSTUDENTE KONFERENSIE, BLOEMFONTEIN, JULIE, 1924.  
University Students' Conference, Bloemfontein, July, 1924.



1st Row—M. H. Kam (U.W.); W. M. Kinghorn (U.W.); V. A. Titlestad (N.U.C.); L. Marchand (U.C.T.); N. C. Nuttall (N.U.C.); W. A. Prinsloo (T.U.K.) 2nd Row—N. Diederichs (G.U.K.); C. Duthie (U.W.); J. G. Krik (G.U.K.); T. J. Dry (U.K.); D. Marquard (Rapporteur); G. F. Roberts (P.U.K.); J. O'Grady (U.S.) 3rd Row—Prof. I. J. Rousseau (R.U.C.); Miss E. Conradie (H.U.C.); Miss A. v. Wyk (H.U.C.); L. Marquard (President); Miss N. Craig (U.C.T.); Miss J. Dickson (R.U.C.); Miss L. Sutherland (U.W.)  
Photo.: E. Kress, Bloemfontein.

#### 2.1.14

#### NUSAS, Bloemfontein Julie 1924



van 'n organisasie wat hom sou beywer vir "meer onderlinge verkeer, meer gesonde wisseling van gedagtes, meer samewerking op wye gebiede – en in die regte gees", nasional en internasional.<sup>93</sup>

'n Verdere "uitwaartse" beweging vanaf die Potchefstroomse Bult was die deelname van 'n PUK-atletiekspan van ses lede aan 'n inter universitaire "Sports-wedstryd" te Johannesburg, in Mei 1923 (**kyk insetsel hierby**).

Hoewel sportdeelname en -prestasies destyds nie naastenby die prominente plek ingeneem het wat dit later sou doen nie, het 'n besondere eer die PUK tog te beurt gevall toe JP (Hans) Aucamp in 1924 die Springbokspan vir die eerste toets teen die besoekende Britse toerspan gehaal het. Hierdie vlugvoetige vleuel het talle skitterende wedstryde vir Wes-Transvaal en die Theos (PUK se eerste span) gespeel en dit was veral sy puik vertoning vir die Mielieboere teen die Britte wat aan hom die groen en goud besorg het.

Die provinsiale span het inderdaad reeds in die vroeë twintigerjare gewemel van verteenwoordigers van die PUK, onder andere W de K Kruger, Fred Scheepers, DJ (Dirk) van Rooy, JP (Piet) Jooste, John Davey en J (Koot) Duvenage. Selfs die tengerige HG (Henk) Stoker het by geleentheid die Mielieboertrui oor die kop getrek en word deur 'n latere kollega aan die universiteit, prof Piet Jooste, beskryf as "een van die beste 'dribblers' wat ek geken het".

Prof APC Duvenage, wat in 1906 die stigter (of, dalk meer korrek, die herstiger) van die PUK se rugbyklub was, was tot met sy vroeë afsterwe in 1923 die hart en siel van dié sportsoort. Saam met onder meer die latere prof DJ (Dirk) van Rooy het hulle 'n groot rol gespeel in die totstandkoming van die Wes-Transvalse Rugby-Unie in 1920 en ook toegesien dat Afrikaans sy regmatige plek in hierdie sportsoort inneem.<sup>94</sup>

Die eerste "rugby intervarsitie" het waarskynlik in 1926 plaasgevind en het saamgeval met 'n interdebat met TUK in Pretoria.<sup>95</sup>

Waar hierdie publikasie geensins daarop ingestel is om 'n oorkoepelende beeld van die studentelewe op die PUK te bied nie ('n afsonderlike, indringende studie is nodig, om reg te laat geskied aan die veelkantigheid en veelkleurigheid daarvan), kan in die verbygaan vir oulaas die aandag gevestig word op 'n berigging oor die PUK-Orkes, in 1924.

Hierdie "orkessie", wat sinds lank reeds bestaan en aan die lewe gehou is deur prof Du Toit (Totius) en mnr GJ Munstra, het in 1923 'n eie dirigent gekry, die destyds alombekende mnr Sydney Richfield. Die orkes se ledetal het tot 24 uitgebrei en ook sy instrumentasie

#### ATLETIESE KLUB.

Met veel moeite en stryd is dit ons vanjaar tog geluk 'n span op te stuur om die P.U.K. te gaan verteenwoordig in die Inter-Uniwersiteits-Sports-wedstryd op Johannesburg. Die wedstryd is gehou op 12 Mei en daar was sewe Uniwersiteite en Kolleges verteenwoordig, nl. Uniwersiteite van Kaapstad en Johannesburg en Uniwersiteits-Kolleges van Pretoria, Bloemfontein, Maritzburg, Grahamstad en Potchefstroom.

Kaapstad het weer die beker gewen met 26½ punte, Johannesburg was tweede met 23 punte, T.U.K. het 7 punte behaal en N.U.K. 3½, terwyl Grey, Rhodes en ons aan die stert gekom het met elkeen nul punte.

Ons span het bestaan uit: A. Juyn, J. van Rooy, F. L. Scheepers, J. J. Nell, W. F. Venter en P. F. Joubert.

Dit word baie op prys gestel dat ons 'n span gestuur het, aangesien Atletiese sport by ons maar min in tel is.

Dit is die som totaal van wat ons hierdie jaar uitgerig het, maar dit lyk of die eerste poging, al is dit maar met so'n skrale mate van sukses bekroon, tog as 'n stimulus gaan werk, en dat volgende jaar, wanneer die sports in Kaapstad gehou word, die P.U.K. 'n sterke span daar sal hê.

Al sluit hiermee die vernaamste werksaamhede van die klub vir vanjaar af, tog sal ons probeer deur middel van die plaaslike wedstryde, die sportsgeselskap te hou onder die lede.

Almal word dus dringend versoek om daarvoor soveel moontlik in te skrywe.

A. JUYN, Sekretaris.

F. HIRSCHMANN,  
Rywielpoort  
KING EDWARD STRAAT.  
Alles vir die Wielryer.  
AGENT VIR  
„Raleigh“ Rywiels.  
NUWE RYWIELE  
vanaf £8.  
5% Reduksie vir Studente.

#### 2.1.15

##### "Atletiese klub", 1923

het aangegroei, terwyl van Totius se gedigte reeds deur Richfield gekomponeer is. Die uitgesproke wens dat die orkes mag groei en bloei<sup>96</sup> sou in die jare wat kom en veral in die jare wat nog ver in die toekoms gelê het, meer as verwesenlik word. Hier word natuurlik verwys na die latere Alabama Boere-orke en sy opvolger, die Alabama Studentegeselskap.



## DIE STRIJK-ORKEST VAN DIE THEOLOGIESE SKOOL.



Bovenste Rij: C. Buitendag, H. G. Stoker, J. Broekman, Dr. J. D. du Toit, O. Grosskopf, Mej. H. Duvenage, G. Munstra.  
Onderste Rij: W. Snijman, Ph. v. d. Walt, P. Coetsee, F. Cronjé.

## 2.1.16

*Strykorke 1916. Die voorloper van die PUK-orke, die Alabama Boereorkes en nog later die Alabama Studentegeselskap.*

### 2.1.6 Verhoudinge met die Universiteit van Suid-Afrika

Hoewel daar in die geledere van die Universiteit van Suid-Afrika 'n onrustigheid en inderdaad effense frustrasie was met die toetreden van die PUK tot die federale opset, het die PUK hom op die oog af nie veel daaraan gesteur nie en van sy kant alles moontlik gedoen om te toon dat sy toetreden tot dié uitgelese geledere regverdigbaar was. Buitendien was dit, soos Boucher dit verwoord, "darem vergoeding" vir die verlies van 'n ander sterk komponent, die Johannesburgse Universiteitskollege, wat in dieselfde jaar sy onafhanklikheid verkry en uit die federale opset getree het.<sup>97</sup>

In die nuwe bedeling kon die PUK nie net eie verteenwoordigers op die Raad en Senaat van die moederliggaam benoem nie, maar het professore en departementshoofde outomaties ook sitting op die akademiese bestuursliggame van die federale liggaam verkry.<sup>98</sup> Eerstens is ds S Vermooten as Raads- en prof APC Duvenage as Senaatsverteenvoerdiger op die Raad van die moederinstelling benoem.<sup>99</sup> Op 23 September 1921 het prof Postma namens die PUK-Senaat 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee te Pretoria bygewoon – skynbaar vanweë ongesteldheid van Duvenage.<sup>100</sup>

In September 1921 het Postma weer sy Raad verteenwoordig op die informele konferensie tussen

universiteite wat deur die minister van Onderwys byeengeroep is en waartydens onder meer die Universiteit van Suid-Afrika se mosie oor inspraak by die toelating van nuwe lede ter sprake sou kom. Behalwe diensvoorraades, sou sake rakende die verhouding van universiteite onderling en die gedragslyn met betrekking tot hoër onderwys in die algemeen onder die loep geneem word – voldoende geleentheid om die kwessie rondom die PUK se toelating te berde te bring.<sup>101</sup>

Maar in sy terugvoering aan die PUK-Raad het Postma niks hieroor gemeld nie.<sup>102</sup> Skynbaar het die beswaardes maar in die onomkeerbare feit van PUK se toelating berus.

Na prof Duvenage se afsterwe in 1923 is prof Jan Kamp in sy plek as Senaatsverteenvoerdiger op die Universiteitsraad aangewys terwyl ds HJR du Plessis in November 1924 ds Vermooten se stoel in daardie forum ingeneem het en vir baie jare lank sou beklee; laasgenoemde het bedank vanweë onvermoë om vergaderings by te woon.<sup>103</sup> In April 1924 word prof Postma benoem as dekaan van dié Universiteit se Fakulteit Kuns en Lettere, 'n benoeming wat volgens prof SPE Boshoff " 'n onderskeid is ook aan onse Kollege". Na verstryking van sy tweejaartertym het hy weer in 1931-1933 dieselfde pos beklee. Later sou ook historikus AJH van der Walt vir 'n termyn in hierdie stoel sit.<sup>104</sup> Postma, na wie verwys word as " 'n kragtige steunpilaar" in die breëre verband van die



## 2.1 'n Plek in die son: Ordening en Konsolidasie

federale universiteit, was vir twee termyne (1926-1928 en 1936-1938) ook voorsitter van die Senaat, het vanaf 1919 tot met sy dood in November 1950 sitting gehad op die Raad van die federale universiteit en het vanaf 1940 tot 1944 gedien as visekanselier. In 1949 is 'n eredoktorsgraad in die Opvoedkunde deur die Universiteit van Suid-Afrika aan hom toegeken.<sup>105</sup>

Die kwessie van taalgelykheid, vir sover dit hul verbintenis met die Universiteit van Suid-Afrika betref, het by die Potchefstromers baie swaar geweeg. Wetlik verplig tot 'n gelyke behandeling van Engels en Hollands/Afrikaans, het die federale universiteit nie altyd in die praktyk daarin geslaag om die beleid uit te voer nie. Veral die registrator, William Thompson, was op administratiewe vlak die sondebok.

Die PUK het in hierdie saak 'n pioniersrol gespeel. Só skryf Boucher hieroor: "Met Thompson se aftrede is die taalvraagstuk vir sover dit die administrasie betref, blykbaar opgelos. Op die vlak van die onderrig het dit egter 'n brandende vraag gebly. Potchefstrom was van die begin af 'n inrigting vir Afrikaners, maar die kolleges in die Afrikaanssprekende plekke soos Pretoria, Wellington en Bloemfontein het nog steeds die beeld van Engelse oorheersing getoon, wat so lank 'n kenmerk van die hoër onderwys in Suid-Afrika was."<sup>106</sup>

Boucher wys daarop dat Engels as onderrigmedium aanvanklik 'n groot voorsprong geniet het, maar dat Afrikaans geleidelik al hoe sterker na vore getree het. In 1921 reeds is aanvaar dat notules en agendas van die federale universiteit in albei tale moes wees en hy noem die naam van Ferdinand Postma, saam met dié van SP Barnard van die Grey Universiteitskollege te Bloemfontein, as raadslede wat baie gedoen het om Afrikaans in die federale universiteitsopset te vestig.<sup>107</sup>


Postma het reeds in Julie 1920 'n voorstel by die Raad van die Universiteit ingedien waarvolgens alle amptelike korrespondensie en stukke in Engels en Afrikaans opgestel en die notules van die Raad om die beurt in die twee tale gehou sou word. Met Postma se toestemming is die woorde "om die beurt" weggelaat en is die mosie toe vir verdere oorweging na 'n spesiale komitee bestaande uit proff Postma, JH Hofmeyr en AC Paterson verwys.

Vanweë onvermydelike omstandighede kon Postma nie saam met die komitee beraadslaag nie, maar het hy genoëë geneem met hul hantering daarvan en hulle kompromisvoorstel, naamlik dat die agendastukke en kennisgewings van vergaderings in Engels sal wees en inkomende stukke vir die agenda in die oorspronklike taal, met die notule in Afrikaans en gepaardgaande stukke in die taal waarin dit ontvang is.

Tydens die Raadsvergadering in Julie 1921 het Postma sy en die komitee se mosie ten gunste van 'n amendement van dr JE Adamson laat vaar, waarvolgens besluit is dat alle agendastukke en die notules van die Raad en sy komitees in beide tale opgestel sal word, en dat lede kon kies in welke medium hulle hul stukke wou ontvang.<sup>108</sup>

Hoewel hy 'n doring in die vlees van die Afrikaanstalige voorstaanders van gelyke taalregte was, het die PUK by registrator W Thomson se uittrede in 1922, ná 27 jaar diens as registrator, tog drie ghienies (drie pond en drie sjielings, in die ou taal) bygedra om aan hom 'n "Gown and Hood" as geskenk te gee. Die Raad het ook sy waardering uitgespreek vir sy bydrae tot hoër onderwys. In ruil het die PUK 'n portret van Thomson ontvang, wat in die kollegegebou opgehang sou word.<sup>109</sup> Hoe lank dit vertoon is, waar presies dit gehang het en wat van hierdie portret geword het, kon nie vasgestel word nie.

Boucher toon verder aan hoedat sowel die TUK as Grey Universiteitskollege in die twintigerjare eerder 'n tweetalige beleid wou volg en hulle teen "verafrikanisering" verset het. Laasgenoemde se Senaat het selfs in 1929 DF Malherbe as rektorskandidaat teengetaan omdat hy 'n Afrikaanstalige universiteitskollege voorgestaan het.<sup>110</sup>



### 2.1.17

*Registrator William Thompson ... doring in die Afrikaanstalige Pukke se vlees, maar sy portret moes in die kollegegebou hang!*




Dat dinge teen 1926 nog nie na wense was nie, blyk uit die feit dat prof JA du Plessis in Mei 1926 moes vra "op watter manier daar meer taalgelykheid gekry kan word op die senaat van die Universiteit van Suid-Afrika". Hierop is besluit om te versoek dat taalgelykheid meer in ag geneem moes word by amptelike stukke van die Senaat, terwyl planne beraam sou word om uitvoering te gee aan 'n tweede deel van Du Plessis se betoog

voor die PUK-Senaat, naamlik om taalgelykheid te bevorder in die opleiding van mediese studente aan die Universiteite van Kaapstad en Witwatersrand.<sup>111</sup>

Hoewel die Universiteit van Suid-Afrika as eksaminerende liggaam van tyd tot tyd kritiek ontvang het oor onder meer vertraagde uitslae,<sup>112</sup> is van PUK-kant nie huis probleme aangeteken nie. By geleenheid

## Fourth Council of the University of South Africa, Vierde Raad van die Universiteit van Suid-Afrika. April 1936.



Back Row/Agterste Ry : Prof. C. W. BOWLES, Dr. A. HERTZOG, Dr. A. J. H. VAN RYN, Mnrr./Mr. G. A. C. KUSCHKE, Dr. E. H. BROOKES, Dr. W. DE V. MALAN.

Third Row/Derde Ry : Prof. W. F. C. ARNDT, Mnrr./Mr. R. B. SAAYMAN, Prof. F. POSTMA, Prof. S. P. BARNARD, Mr./Mnrr. W. P. BOND, Dr. P. C. SCHOOONEES, Ds. H. J. R DU PLESSIS, Mnrr./Mr. A. A. ROBERTS.

Second Row/Tweede Ry : Prof. G. M. ROBSON, Sir WM. THOMPSON, Mnrr./Mr. S. H. PELLISSIER, Mnrr./Mr. F. D. HUGO, Sen. F. S. MALAN, Prof. J. W. BEWS, Rev. Dr. L. SORMANY.

First Row/Eerste Ry : Mnrr./Mr. P. A. TALJAARD (Asst. Registrar/Asst. Registrateur),  
Mnrr./Mr. LANGHAM MURRAY (Registrar/Registrateur).



het lektor LJ du Plessis wel gekla oor "foute in die Algemene papiere en die onleesbare toestand van sommige papiere".<sup>113</sup> Proff Kamp en Boshoff is opdrag gegee om hieroor met die registrator van die Universiteit te korrespondeer.<sup>114</sup> Ietwat van irritasie spreek uit 'n ander voorval rondom eksaminering, naamlik die reedsgenoemde klag van prof JPR Wallis van TUK teen die einde van 1924, oor die standaard van Engels aan die PUK.

In Julie 1926 het die registrator van die Universiteit van Suid-Afrika versoek dat die PUK 'n verpligting plaas op dosente wat as eksterne eksaminatore optree om eers hul eksamenwerk af te handel voordat hulle vir die somervakansie weggaan. Die PUK-Raad het sy bereidwilligheid tot samewerking verklaar en versoek dat die name van daardie dosente wat versuim om hul werk binne die vasgestelde tyd af te handel, deurgegee moes word.<sup>115</sup>

Lewendige belangstelling in en deelname aan die akademiese ontwikkeling spreek ook uit 'n aantal beskrywingspunte wat vroeg in 1924 in reaksie op 'n skrywe van die registrator van die Universiteit deurgegee word. Behalwe dat Dogmatiek as alternatief vir Filosofie van Godsdien in die BD-kursus voorgehou word, word etlike voorstelle betreffende DLitt- en DPhil-grade gedoen, onder meer dat 'n kandidaat naas sy proefskrif ook aan 'n mondelinge eksamen onderwerp sal word en dat enigiemand wat daarvoor aansoek doen, die reg kry om die promovendus te opponeer.

Prof JA du Plessis wou hê dat ondersoek gedoen moes word of afgestudeerde studente nie voorkeur behoort te verkry in alle vertakkinge van die publieke diens nie, terwyl LJ du Plessis dit as 'n spesifieke behoeft gelug het dat, met die oog op meer produktiewe studie van die klassieke oudheid, kennis van die verskillende aspekte soos literatuur, filosofie, geskiedenis en maatskaplike lewe meer gelykwaardig gestel sal word aan vertaling uit of in die klassieke tale.<sup>116</sup>

PUK-dosente het hul deel gedoen as interne en eksterne eksaminatore vir die moederliggaam terwyl hulle ook as lede van die Senaat hul stoele in dié liggaam se vergadersale volgesit het.<sup>117</sup> Toe hulle die Universiteit van Stellenbosch daaroor genader is, was die PUK-Senat ten gunste van wedersydse erkenning van werk by universiteite en kolleges en bereid om by die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika "resiproositet en elastisiteit in hierdie saak" aan te beveel.<sup>118</sup>

'n Heuglike gebeurtenis op die PUK se akademiese program vir 1925 was die besoek van die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika aan Potchefstroom in 1925. Voorbereidings hiervoor het reeds in Junie

1924 'n aanvang geneem, toe bewese reklameman SPE Boshoff aangewys is as sameroeper van 'n kommissie te dien effekte.<sup>119</sup> Toe Boshoff teen die einde van die jaar boonop as burgemeester van Potchefstroom aangewys is, was die yster gesmee vir 'n suksesvolle aksie.

## 2.1.7 PUK en NORMAAL

Die ideaal om onderwysopleiding by die PUK in sy voorfase aan te bied, is reeds duidelik vervat uit die missie wat in 1869 by die stigting van die Teologiese Skool uitgestip is, naamlik "dat niet alleen predikanten aangevormd worden, maar ook jongelingen zich kunnen bekwaam tot onderwijzers der jeug...".<sup>120</sup> Hierdie ideaal loop soos 'n goue draad deur die geskiedenis van hierdie ontwikkelende inrigting vir hoër onderwys.

Vroeg in 1871 reeds het vier praktiserende onderwysers en lidmate van die Gereformeerde Kerk erkenning gegee aan die rol wat die dosente van die Teologiese Skool, "welke school open is ook ter opleiding van Onderwijzers", ten opsigte van onderwysopleiding kon speel. Hulle oogmerk was "opdat de Gereformeerde Kerk alhier, even als de Gereformeerde Kerk in Holland, hare eigen scholen moge bezitten met Onderwijzers die van harte de leer dier Kerk zijn toegedaan ...".<sup>121</sup>

Met die totstandkoming van die Literariese Departement in 1876/77 is daar inderdaad ook oorweging gegee aan die aanstelling van 'n gekwalificeerde onderwyser met die rang van 'n hoof. Soos reeds gesien, het drie studente aan die Teologiese Skool reeds teen Mei 1879 die "Gouvernement Onderwijzerseksamen" afgelê en tydens die sinode van 1894 is ook 'n skema vir die onderwyserseksamen aan die Teologiese Skool aanvaar.<sup>122</sup>

By die opening van die Teologiese Skool in Februarie 1904 te Burgersdorp dien daar 'n brief van ds JA du Plessis, wat pas tevore sy professoraat ter wille van die kansel prysgegee het. Daarin toon hy aan "welk een leemte er bestaat, die aangevuld moet worden, niet alleen van Predikanten maar ook van Onderwijzers, men vraagt naar mannen uit Geref. Huize ...".<sup>123</sup> Die behoeft aan onderwysers wat aan die Christelike beginsels en die nasionale (Afrikaner-) aspirasies sou voldoen, het bly voortleef met die verplaasung van die Teologiese Skool na Potchefstroom, teen die einde van 1904.

Die stigting van Normaal Kolleges, as sentra vir die opleiding van onderwysers in Transvaal, dateer terug na 1882, toe die nuwe superintendent van Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek, ds SJ du Toit, 'n nuwe onderwyswet deurgevoer het. Een van



die bepalinge ten opsigte van hoër onderwys was dat 'n Normaal Skool te Pretoria opgerig word om onderwysers en amptenare op te lei, as deel van sy voorneme om "een behoorlike wetenschappelike opleiding binne het bereik van die blanke bevolking der Zuid-Afrikaansche Republiek te bringen." In 1883 kom die Pretoriase Opleidingskool tot stand, met die Hollandse onderwyser Wessel Louis aan die hoof, maar tot 'n groot mate was die ZAR steeds afhanklik van onderwysers vanuit Nederland – selfs ten tye van dr N Mansvelt se termyn as superintendent (vanaf 1891).<sup>124</sup>

Tydens 'n groot onderwyskonferensie pas na afloop van die Anglo-Boereoorlog het AB Sargent, die nuwe direkteur van Onderwys vir die nou Britsbeheerde kolonies Transvaal en Vrystaat, voorsien dat Normaal Kolleges nie net te Pretoria, Bloemfontein en Johannesburg nie, maar ook te Heidelberg, Middelburg, Potchefstroom, Kroonstad en Ladybrand opgerig sou word. In September 1902 het dié te Pretoria inderdaad ook beslag gekry, met JE Adamson as hoof, terwyl soortgelyke instellings in 1909 te Johannesburg en Heidelberg ontstaan het.<sup>125</sup>

Van Afrikanerkant is daar na die Anglo-Boereoorlog heftig teenkanting gebied teen die verengelsingsbeleid, soos dit ook en veral op die gebied van die onderwys na vore getree het. Massale werwing van Engelssprekende onderwysers reeds tydens die oorlog het tot gevolg gehad dat van die altesaam 919 onderwysers wat die Transvalse Onderwysdepartement in 1903 in diens gehad het, slegs 379 in Suid-Afrika gebore is.<sup>126</sup> In 1908 word skoolbywoning verpligtend gemaak en teen 1909 het die sowat vyfduisend leerlinge in Transvalse CNO-skole, as uitvloeisel van die Smuts-onderwyswet van die tyd, met regeringskole saamgesmelt en het daar gevvolglik 'n groot behoefte aan onderwysers ontstaan. Hierdie toestand van sake sou as stimulus dien vir pogings om eie onderwysers op te lei en kulmineer onder meer in die oprigting van Normaal Kolleges te Heidelberg en Johannesburg in 1909. Die uitwerking van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) en die Groot Griep van 1918 het tot 'n nog groter behoefte aan opgeleide onderwysers geleid.<sup>127</sup>

Wat die opleiding van onderwysers aan universiteitskolleges betref, was Grey Universiteitskollege (GUK) die voorloper, toe daar reeds in 1909 'n professor in Opvoedkunde aangestel is om te verseker "dat hulle opvoeding en opleiding so ver moontlik aan die hoogste setel van geleerdheid in die Staat sal voortgeset word". In die suide het die Victoria Kollege, Stellenbosch en die South African College in Kaapstad vanaf onderskeidelik 1910 en 1911 begin om onderwysers vir middelbare skole op te lei. In 1911 is 'n professoraat in Opvoedkunde by die Victoria Kollege ingestel. Vanaf 1912 het ook die Transvalse Universiteitskollege (TUK) die eersteklaskursus vir



### 2.1.19

*Ds Dirk Postma, pas tevore nog literariese professor, het in 1905 sterk gepleit vir die opleiding van onderwysers.*

onderwysers (O.I) aangebied, terwyl Rhodes in 1914 toegetree het tot die geledere van tersiêre inrigtings wat onderwysopleiding verskaf.<sup>128</sup>

Tydens wat bekend gestaan het as 'n "jaarvergadering" van die Teologiese Skool te Fordsburg, vroeg in Desember 1905, het die kwessie van breër opleiding as bloot net vir predikante weer sterk na vore gekom. Onder ander het nog 'n eertydse literariese professor, ds Dirk Postma, pertinent gepleit vir die opleiding van meer onderwysers: "Dit zijn de mannen die het volk tegen afval bewaren. Op het stuk der onderwijzers staan wij thans met lege handen." Prof Jan Lion Cachet het teruggegryp na die breë basis van 1869 se stigtings- "akte" terwyl ook prof Ferdinand Postma sterk gestaan het dat die opleiding aan die eise van die maatskappy moet voldoen.<sup>129</sup>

As deel van die posisionering binne die uniale onderwys sisteem ná Uniewording in 1910 maar ongetwyfeld ook na analogie van wat by ander opleidingsentra aan die gebeur was, roer die kuratore teen die einde van 1911 die saak van onderwysersopleiding weer aan deur die nuutgevormde Senaat opdrag te gee om die aanstelling van 'n spesiale professor vir dié doel te oorweeg.<sup>130</sup> Die fondse verkry uit die sogenaamde "Koestsel", wat veral deur ds WJ de Klerk gedryf is, was aanvanklik spesifiek geoormerk vir 'n leerstoel in Opvoedkunde maar is spoedig in die poel gegooi, vir uitbreiding en behoeftes van die Teologiese Skool in die algemeen. Met die hieropvolgende intense verwikkelinge rondom die voortbestaan van die Literariese Departement, wat finansiell te swaar op die Teologiese Skool begin druk het, en die gepaardgaande pogings om dit deel van die ontwikkelende universitaire opset van die nuwe Suid-Afrika te maak, het die planne vir doelgerigte opleiding van onderwysers ietwat in die sand verloop.

Teen die einde van 1915 en vroeg in 1916 het prof FJ le Roux inisiatief geneem om vanuit die Vrystaat 'n bedrag geld te in met die oog op 'n leerstoel aan die Kollege Departement. Die Senaat het met groot genoeë hiervan kennis geneem en dit is aan Le Roux en ds WJ de Klerk opgedra om die saak te ondersoek. As "die enige weg om misschien" steun vanuit dié oord te verkry, is besluit om 'n deputasie na die sinodale kommissie van die NG Kerk in die Vrystaat te stuur.



### 2.1.20


*As oud-rebel vanuit die Ou-Vrystaat het prof FJ (Frank) le Roux gehoop om uit daardie geweste geldelike steun te kry vir opleiding van onderwysers, maar tevergeefs.*

Dié deputasie, bestaande uit proff Du Toit en Le Roux en bygestaan deur ds Willem Postma, het met leë hande teruggekeer: voorlopig blyk daar van die NG Kerk in die Vrystaat geen hulp verwag te word nie.<sup>131</sup>

Hierna neem die saak van opleiding van onderwysers 'n nuwe dimensie aan. In Mei 1917 gee die Senaat aan prof Boshoff opdrag om 'n omsendbrief op te stel "vir die onderwijsers in ons distrik, om deelneming te vrae aan klasse vir Paedagogiek, Methodiek, Zedenkunde, Staatshuishoudkunde en Phonetiek, te beginne 3e kwartaal, tegen betaling van £1.10.0 per kwartaal". In sy besondere, ietwat hoogdrawende taal en styl notuleer prof Los verder dat die konsep "sal word rondgestuur aan die senaatsleë en daarna geteken deur die moderamen versend word".<sup>132</sup>

Maar ook hierdie skema, bekend as "ekstensieklasse", het nie van die grond gekom nie en 'n ander moontlikheid sou ondersoek word, naamlik om by Potchefstroom Gimnasium " 'n praktiese opleiding te verbind vir onderwysers en handelsmense na ons beginsel". Proff Kamp, Boshoff en Los sou hieraan aandag gee.<sup>133</sup>

Daar is verder met die plaaslike skoolkommissie onderhandel. Oor handelsonderwys was die terugvoering gunstig, maar wat die onderwysersopleiding of die "normaalklas" betref, "stuit direkte aktie af op ons gebrek aan personeel, beurse, ruimte enz.



### 2.1.21

*Proff SO Los en SPE Boshoff het reeds in 1918 op versoek van onderwysers privaatklasse met die oog op verdere opleiding verskaf.*

"terwyl indirekte aksie nie algemeen wenslik geag is nie. Na "ampele bespreking" en met die wenk om enkele "leë" (= lede) van die uitvoerende komitee van die Provinciale Raad daaroor te spreek, word ds De Klerk op die kommissie gekoöpteer, om die saak voort te sit. In November 1917 word na hierdie kommissie verwys as "kommissie in sake oprigting normaalskool", met opdrag (soos agterna blyk) "om te sien wat word van 'n Normaalskool alhier".<sup>134</sup>

Hoewel "indirekte aksie" nie algemeen wenslik geag is nie, vind ons tog dat die bal op hierdie terrein aan die rol gesit is. In Januarie 1918 rapporteer prof Los dat hy op versoek van enkele onderwysers begin het om klas te gee in die vakke "Psychologie" en "Paedagogiek", volgens die regulasies vir die opleiding van onderwysers. In Maart deel ook prof Boshoff mee dat hy dieselfde doen, in die leervak Engels.<sup>135</sup>

Die bovemelde opdrag van die Senaatskommissie hang saam met breër inisiatiewe van die kant van die Skoolraad van Potchefstroom. Opnames het getoon dat daar in die streek 'n baie groot behoefte was en onder die inspirerende leiding van kol Izak Meyer en met die hulp van die energieke Provinciale Raadslid, mnr BD Pienaar, is alles moontlik gedoen om 'n opleidingsentrum vir onderwysers te Potchefstroom te vestig.<sup>136</sup>

Op versoek van die Skoolraad het die Senaat vir proff Kamp en Boshoff afgevaardig na 'n vergadering hieroor. Na verdere beraadslagings het die Senaat op 5 Junie saam met die Skoolraad vergader oor "die toelating van studente tot die onderwysersklasse" en is daarna besluit dat elke student wat graag die klasse wil bywoon, eers met sy professore oorleg moes pleeg. Op hulle beurt sou professore individueel moes besluit "of hulle gewillig is desgevraagd sulke klasse te gee".<sup>137</sup>

Die trant van bestaande notulering dui aan dat sake nie heeltemal na die wense van die PUK verloop het nie. Maar dan kom daar goeie nuus, in die rapport van die kommissie vroeg in Augustus 1918: "Daaruit blyk dat P.C.Stroom die skool gaan kry en dat ons die skool op onse gronde kan kry." In September 1918 lewer prof Kamp getuenis voor 'n kommissie van die Transvalse Provinciale Raad insake onderwyswetgewing en neem die Senaat kennis van die "aanvanklike resultaat", (wat dit ookal mag behels het), en in Maart 1919 deel prof Los mee dat hy voorlopig die studente wat by hom Pedagogiek-klasse loop, saam met die onderwysers gegroepeer het.<sup>138</sup>

Die vestiging van die Normaal op Potchefstroom was intussen 'n voldonge feit en is op 23 April 1919 amptelik geopen – nie op PUK-terrein nie, maar op die terrein van die Engelse Seunschool Boys' High.<sup>139</sup>



Presies waarom nie voldoen is aan die uitgesproke verwagting dat die Normaal op PUK-gronde gevestig is nie, kon nie vasgestel word nie. Tog sou daar van PUK-kant volgehoue pogings aangewend word om betrokke te raak by die opleiding van leerkratge. Op 25 Junie 1919 dien daar 'n versoek voor die Senaat en word dit deurgegee na die Raad, "dat aan onse Kollege ook studente opgelei word vir O.I".<sup>140</sup> Die versoek het via die Raad na 'n kommissie gegaan en vandaar na die departement van Onderwys, waar dit gunstig ontvang is – met boonop die vooruitsigte om ook beurse te kon aanbied.<sup>141</sup>

As uitvloeisel van 'n versoek van die Raad aan die Senaat, "om te waak dat die P.U.K. ook op die lijs kom van Kolleges waaraan Normaal studente vir 'n jaar moet studeer",<sup>142</sup> lê prof Postma besoek af te Heidelberg, waar ook 'n Normaal Kollege gevestig is. Hy verneem dat die departement van Onderwys toestemming gegee het dat Normaal studente aan 'n universiteitskollege in Transvaal mag studeer, en rapporteer terug: "Daar eweas hier op Potchefstroom, wil die hoofd graag die studente alhier laat studeer. Die administrateur moet gevra word om ons Kollege bij die andere te voeg."<sup>143</sup>

Die kursus O.I, ofte w "Onderwysakte van die eerste klas", is opleiding wat ingevolge wetgewing onder medewerking van plaaslike Normaal Kolleges aangebied word aan universiteitkolleges en wat onder meer daarop gemik was om die akademiese en professionele status van die onderwyser te verhoog. Vanaf 1913 is die kursus aan die South African College, Victoria Kollege, Grey Universiteitskollege en die Transvalse Universiteitskollege aangebied. In 1914 het Rhodes en in 1920 die Potchefstroomse Universiteitskollege ook tot dié gelede toegetree.<sup>144</sup>

Die skema vir O.I-opleiding is intussen deur die Onderwysdepartement goedgekeur en die nodige reellings getref. Die opleiding sou deur die professore van die PUK gedoen word met die hulp van vyf dosente aan Normaal. Die hoof van Normaal, mnr JS van Heerden, sou behalwe doseerwerk ook by algemene organisasie in verband met die opleiding betrek word. Op voorstel van prof Du Toit is prof Postma aangewys "om as verantwoordelike Professor op te tree bij die opleiding van O.I en daarbij nog soveel molik die Klassieke Tale te doseer".<sup>145</sup>

Wat huisvesting betref, het die Normaal – net soos PUK – aanvanklik 'n "raap-en-skraap karakter" vertoon, deurdat geboue hier, daar en oral betrek is. In 1920 is dit in geheel oorgeplaas na Witrand, waar ou soldatekwartiere betrek is.<sup>146</sup> Vanweë gemeenskaplike belang by die onderrig van onderwysers was dit in albei instansies se belang dat hulle so na as moontlik aan mekaar gevestig word.

So bring proff Postma, Duvenage en Boshoff in Junie 1920 besoek aan Pretoria "in verband met die bouwe van die Normalskool". Van sy kant bepleit die hoof van Normaal, mnr JS van Heerden, die noodaaklikheid van nabyliggendheid by die PUK "to avoid the difficulties experienced at other Colleges in connection with the combined scheme".<sup>147</sup> Groot tegemoetkomendheid spreek ook uit die oordrag van ses erwe wat vroeër deur die Skoolraad aan die PUK gegee is, aan Normaal. Bygesê natuurlik, dat die PUK in ruil daarvoor grond van die munisipaliteit kon kry "soveel as nodig is".<sup>148</sup> Deur dié "ruiltransaksie" is verseker dat die twee opvoedkundige inrigtings neffens mekaar te staan gekom het.

Nadat die skema 'n jaar in werking was, laat weet Van Heerden in Februarie 1921 dat hy weens amptelike werk nie langer by O.I-opleiding betrokke kan wees nie en beveel hy sy viseprinsipaal, JC Coetzee, as plaasvervanger aan. In Junie hoor die Raad dat hy nie bedoel het om hom permanent te onttrek nie.<sup>149</sup> Omdat die Senaat van mening was dat beide Van Heerden en Coetzee as lektore benoem moes word vir O.I en BA-Opvoedkunde, is besluit om vir 1920 die volle salaris van £250 aan Coetzee uit te keer en dan vanaf 1922 die geld tussen die twee te deel.<sup>150</sup>

Van PUK-kant is steeds geywer vir groter beheer oor die opleiding van onderwysers en word rektor Postma tydens die eerste sitting van die nuwe PUK-Raad in September 1921 afgevaardig na 'n onderwyskonferensie, gewapen met 'n beskrywingspunt te dien effekte dat O.I 'n universiteit eksamen moes word. Sy terugvoering was positief: dit sou gedoen word, en boonop sou provinsiale rade dalk versoek word om die universiteite en kolleges in hul provinsies te subsidieer.<sup>151</sup> Hiervan het egter niks gekom nie.

In Februarie 1922 gee Van Heerden weer kennis dat hy, vanweë te veel werk, nie lesings aan die PUK kan aanbied nie en beveel hy AE du Toit in sy plek aan.<sup>152</sup>

Kort hierna ontmoet die PUK-kommissie van Postma, Duvenage en Boshoff die direkteur van Onderwys, dr JE Adamson, ten einde te verseker dat die beplande nuwe geboue vir Normaal nabij die PUK geleë sou wees. Terselfdertyd kom die verhouding tussen die PUK en Normaal ter sprake en blyk daaruit "dat die verband tussen die Kollege en die Normaal Kollege gelê moet word deur Mnr. Van Heerden te benoem tot Professor in Opvoedkunde". Die Senaat sowel as die Raad was heeltemal inskiklik daarmee en die Transvalse Onderwysdepartement sou die salaris van Van Heerden dra.<sup>153</sup>

Die benoeming van Van Heerden as professor in Opvoedkunde aan die PUK was in lyn met 'n praktyk wat onderwysdirekteur Adamson reeds in 1915 uitgespel



## 2.1.22

*Normaalosente wat aan die PUK klasgegee het: JS van Heerden, AE du Toit en JC Coetze. Vanaf 1922 het Van Heerden 'n professoraat in opvoedkunde beklee.*

en vanaf 1920 met sukses aan die TUK toegepas het, waar die hoof van die Pretoriase Normaal Kollege as hoogleraar in dié dissipline gefunksioneer het.<sup>154</sup> Dit is moontlik dat Van Heerden se voorafgaande ietwat wispelturige gedrag betreffende die bekleding van die pos aan die uitbly van hierdie "erkennings" te wyte kan wees.

Van Heerden is in April 1922 vir ingang van die tweede kwartaal in sy nuwe hoedanigheid as professor in Opvoedkunde by die PUK aangestel; op 3 Mei word hy aangewys as dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde en op 27 Julie lewer hy sy intreerede.<sup>155</sup>

Vroeg in 1923 het daar nog groot onsekerheid geheers oor die toekoms van Normaal Kollege en was daar sprake dat dit na Pretoria sou verskuif. Dit het van prof Duvenage die waarskuwing ontlok dat selfs die universiteitskolleges later almal te Pretoria gevestig sou wees. Dan eerder maar sinkgeboue koop en oprig, was sy advies. Hy en prof Boshoff, raadslid Amm en prof Van Heerden is hierna weer as deputasie na Pretoria om hul saak by die regering te gaan bepleit.<sup>156</sup>

Die departement van Onderwys het hom in 1922 onttrek van die opleiding van onderwysers,<sup>157</sup> hoewel universiteite en universiteitskolleges steeds hul eie skemas en leerplanne kon ontwikkel.<sup>158</sup> Van PUK-kant is volgehou met die strewe om die O.I.-eksamen in 'n universiteitseksamen te omskep en is in dié verband selfs die hulp van die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika ingeroep.<sup>159</sup> In sy jaaroorsig vir 1923 loof Postma die verplasing van Normaal Kollege na gronde digby die PUK, en voeg dan veelbetekenend by: "Die tyd is miskien nie meer ver af dat die twee inrigtinge een inrigting sal word nie. Opleiding van onderwysers(esse) is universitaire werk. Waarom dan die skeidings nog gehandhaaf? Die gedienstigheid van die praktyk behoor hier te wyk vir die eise van die tyd."<sup>160</sup>

In Julie 1923 word in die rubriek "Hiervan en Daarvan" in die tydskrif *Die Saaier* ook oor die saak gehandel. Die skrywer (waarskynlik Postma, as hoofredakteur) vind dit ietwat onverklaarbaar dat onderwysers nog in aparte Normaal Kolleges opgelei moet word: "Begin van die amalgamasie is alreeds gemaak deurdat die Normaliete vir tenminste een jaar 'n kursus aan 'n Uniwersiteit moet volg; dan is die geleentheid ook daar, tenminste in Transvaal, om in 'n vierjarige kursus sowel aan die Uniwersiteit as aan die Normaalskool die graad van B.A. en die van O2 te haal. Verder die instelling van Laer en Hoër Diplomas in Opvoedkunde, en die graad van M.Educ. aan die Uniwersiteit van SuidAfrika toon duidelik aan in watter rigting daar gewerk word. Nog 'n tiental jare verder en die amalgamasie sal 'n feit wees."<sup>161</sup>

Hierdie strewe en ideaal van die PUK het waarskynlik nie baie aanklank by prof Van Heerden gevind nie. Sy oogmerk was om Normaal só uit te bou dat die eiesoortigheid van onderwysersopleiding daarin tot sy reg kom, om die Normaal Kollege se outonomie as eiesoortige inrigting vir hoër onderwys te verseker.<sup>162</sup> 'n Vrugbare teelaarde vir spanning en konflik is geskep.

Des te meer so toe Van Heerden se adjunk, J Chr Coetze, in hierdie tyd (vanaf Junie 1923) nog met 'n reeks artikels in die PUK-georiënteerde tydskrif *Die Saaier* 'n uitgebreide, geleerde betoog ten gunste van universiteitsopleiding vir onderwysers lewer.<sup>163</sup> Rektor Ferdinand Postma, as redakteur van hierdie sterk meningsvormendgerigte tydskrif, het in September 1924 hierby aangesluit in 'n lang hoofartikel onder die opskrif "Uniwersiteite en Normaalskole", waarin die meriete vir en implikasies van eenwording beredeneer word.

Postma wys daarin op die velerlei diplomas en eksamens, wat nie net verwarring saai nie maar ook bepaalde praktiese probleme oplewer, byvoorbeeld



ten opsigte van erkenning in verskillende provinsies. Finansieel sal eenwording 'n groot verligting wees en 'n "doeltreffende besuiniging vir die ganse Unie", deur onder meer net een in plaas van vier direkteure van onderwys te hê. Dit sal ook meebring dat skoolrade se bevoegdhede uitgebrei en hul finansiële posisie verbeter kan word, terwyl provinsiale administrasies dan meer aandag aan sake soos hospitale en paaie kan bestee. Daar is voldoende opvoedkundige meriete vir die voorgestelde eenwording terwyl dit ongetwyfeld ook meer status aan die beroep sou verleen.

Postma stel sy hoop op die nuwe administrateur van Transvaal, mnr JH Hofmeyr, wat reeds as professor aan die Universiteit van Witwatersrand hom as voorstander van die saak bewys het, dat hy sy besondere aandag aan die saak sal gee en eenwording bewerkstellig: "Die hele land sal deur so 'n stap 'n weldaad bewys word. Hoe eerder dit kan gebeur, hoe beter. Die aparte Normaal Skole is 'n onnodige bestendiging van uitgediende toestande en hierom 'n onnodige verkwisting van geld."<sup>164</sup>

Profetiese woorde – maar om te dink dat dit nog 77 jaar sou duur voordat dit verwerklik is!

Teen hierdie agtergrond vind daar teen die einde van 1924 'n "rebellie" in die Raad van die PUK plaas, met Van Heerden 'n diep beswaarde man oor die moontlike impak wat die aanstelling van 'n professor in Opvoedkunde op sy posisie sou hê. Hy het skynbaar beoog dat die Normaal Kollege moes ontwikkel tot 'n fakulteit van Opvoedkunde terwyl hy ook gevoel het dat hy nie voldoende in die saak geken is nie. In 'n skrywe van die registrator word hy nie net verseker dat hy hoof van die departement Opvoedkunde sal bly nie, maar dat die nuwe pos sy oogmerk verder sal aanhelp, dat hy dus hulp kry om sy doel te bereik. Dieselfde versekering is ook deur rektor Postma aan Van Heerden, aan die administrateur en aan die direkteur van Onderwys gegee.<sup>165</sup>

Maar Van Heerden het skynbaar skepties gebly en sy saak met die direkteur van Onderwys opgeneem, wat op sy beurt kommer oor Van Heerden se posisie teenoor die registrator betuig het. Hy hoop nie, skryf die direkteur, dat die hartlike samewerking tussen die twee instansies en hul hoofde hierdeur in die gedrang sal kom nie. Van die PUK se kant is die versekering gegee dat daar niks sinister in die saak was nie en dat die goeie samewerking tussen die twee instansies sal voortduur.<sup>166</sup>

Met die aanstelling van Coetzee as professor in Opvoedkunde is, met uitsondering van 'n geringe gedeelte van die werk wat deur prof Van Heerden gedoen is, nie meer gebruik gemaak van dosente van Normaal nie. Vanweë die omvang van die werk is weer

in 1926 gepoog om hulp uit daardie oord te verkry, maar sonder sukses. Geriefliekheidshalwe maar ongetwyfeld ook om botsings te voorkom, is die departement vanaf 1927 in twee verdeel, met Van Heerden as hoof van Opvoedkunde en Coetzee in beheer van Sielkunde en Beginsels van Opvoedkunde.<sup>167</sup>

Postma en PUK het toe hulle woord gehou. Tien jaar later, teen die middel van 1934, het Van Heerden die rektor in kennis gestel "dat ek getransfereer is na Pretoria as Prinsipaal van die Normaalkollege en dat ek onder die omstandighede die betrekking as hoof van die Pedagogiese Fakulteit moet bedank vanaf begin Julie".<sup>168</sup>

En J Chr Coetzee, viseprinsipaal van Normaal, Normaal dosent aan die PUK en toe, vanaf 1925, professor in die omstrede leerstoel in Opvoedkunde?

Pas 'n jaar nadat hy diens aanvaar het, versoek Coetzee om die Raad toe te spreek en deel hy hulle mee "dat hy gesollitiseer het vir 'n pos aan die plaaslike Normaal Kollege en dit gekry het. Die werk vir H.O.D. is te veel vir een man." Die opleiding sal veel beter kan geskied indien dosente van Normaal Kollege as spesiale lektore teen 'n klein vergoeding hulp verleen. Vrae word gevra, bespreking gevoer en dan word die saak na die komitee vir Interne Beheer verwys. Op hulle beurt word met die Transvaalse Onderwysdepartement geskakel, wat weier om op Coetzee se voorstelle in te gaan. Postma rapporteer, en dit word só aanvaar: "Gevollik bly sake soos hulle was."<sup>169</sup>

Sake hét gebly soos dit was. Coetzee het nie sy "dreigement" uitgevoer en na Normaal teruggekeer nie. Met sy groot werksywer en enorme produktiwiteit het hy slegs in naam in die skadu van Van Heerden as departements- en fakulteits hoof van Opvoedkunde gestaan en het hy gaandeweg tot een van die grootste opvoedkundiges in die land ontwikkel. Binne PUK-verband sou hy uiteindelik ook die hoogste sport bereik, toe hy in 1953 rektor van die inrigting geword het.

In 1930 het die kwessie van inlywing van Normaal Kolleges by universiteite weer na vore getree toe die administrateur van Transvaal, op grond van aanbevelings van 'n spesiale komitee wat die saak ondersoek het, hom sterk ten gunste daarvan uitgespreek het. Van PUK-kant is inligting aan die komitee voorsien, maar daar is getwyfel of die plan wel uitgevoer sou word; en indien wel, sou dit seker nie gou wees nie.<sup>170</sup> In September 1933 is 'n uniale konferensie oor die verdeling van opleiding van onderwysers tussen universiteite en Normaal Kolleges te Pretoria gehou, waar van die vyf teenwoordige universiteite se kant sterk eise gestel is. Skerp en inderdaad krenkende uitsprake van die rektor van die Universiteit van Pretoria, prof AE du



## 2.1 'n Plek in die son: Ordening en Konsolidasie

Toit – onder meer dat Normaal Kolleges masjiene skep en hul opleiding blote roetinewerk van onbesielende aard is, en vir gegradeerde 'n marteling moet wees – het nie huis vriende gewen nie. En boonop het die oud-PUK-dosent en nou direkteur van Onderwys in Transvaal, prof SPE Boshoff, hom in geen onduidelike taal nie uitgespreek teen die noodsaaklikheid van universiteitsopleiding vir onderwysers.<sup>171</sup> Moontlik sou Boshoff nou dit wat hy vroeër oor die PUK sou gesê het, op UP van toepassing kon maak: hulle (of minstens hul omstrede rektor) sou moes leer om vriende te maak!



2.1.23

*Prof PJ van der Merwe*

Prof Van Heerden se opvolger as hoof van Normaal, mnr PJ van der Merwe, is vanaf 1935 as ere-professor in Opvoedkunde aan die PUK benoem en die volgende jaar het 'n verdere samewerkingsooreenkoms ontstaan waarvolgens Normaal personeel hulp verleen het met opleiding vir die Universiteitsonderwysdiploma (UOD).<sup>172</sup>

Soos op nasionale vlak het dinge hierna redelik afgeplat, vir sover dit interkollegiale verhoudinge sowel as die strewe na die inkorporasie van Normaal Kollege by die PUK betrek. Normaal, soos dit kortweg bekend sou staan, het gaandeweg sy eie kampus en besondere karakter ontwikkel en daar is voortaan met PUK saamgewerk as 'n "selfstandige en onafhanklike sustersinrigting met sy eie besondere aard en opdrag".<sup>173</sup>

Vir 'n tyd lank sou alles rustig wees op hierdie front.